13 - 16 jaar

My Refleksie

# Bybel Joernaal

**Boek 3**

& Gees
Heuningsoet Woord
Psalm 19:10&11

‘n Self-doen Refleksie Bybel Joernaal vir tieners 13 tot 16 jaar.
Saamgestel en geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Tydens die deurwerk van hierdie Refleksie Joernaal
gaan jy daagliks aan verskillende Bybelgedeeltes blootgestel word.
Deur afwisselend tussen die Ou en Nuwe Testament te beweeg,
sal jy kosbare ontdekkings maak van wie God is en wat Sy plan vir die mens is.
Soos jy die Woord bestudeer en dieper daaroor nadink, bid ek dat Heilige Gees jou ook sal
wys hoe jy die Woord deel van jou eie lewe kan maak.
Jy sal met tyd meer leer van God se karakter en wie Hy werklik is.
God is goed en regverdig en Sy Woord getuig daarvan.
Soos jy die dissipline aanleer om gereeld tyd in God se Woord spandeer,
sal dit tot gevolg hê dat jy in jou geloof groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks toegewyd en puntsgewys deur die Bybelgedeeltes te beweeg, sal jy:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- leer om te reflekteer wat God vir jou, op daardie oomblik deur die Bybelverse wil sê
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- beleef hoe Heilige Gees vir jou sekere woorde of verse uitlig waarmee Hy spesifiek met jou wil gesels op die oomblik
- leer om vanuit die Woord te bid
- jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- leer om die kern/ hart of tema van ‘n spesifieke Bybelteks te identifiseer soos Heilige Gees dit aan jou openbaar op daardie oomblik
- met groter aandag en intensie Bybelverse te bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord, deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- waardevolle beloftes van God aan jou, neer te skryf en te memoriseer en so in jou hart en gedagtes vas te lê.
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer
- God se kommunikasie deur die verse van Sy Woord te ervaar en...
- ‘n lewenslange fondasie te vorm, van hoe om die Bybel prakties deel van jou lewe te maak en daardeur ‘n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie Reflekterende Bybel Joernaal tot seën wees vir jou!

**Alle Bybel aanhalings is gemaak vanuit die Afrikaans 1983 vertaling.*

Hierdie *Refleksie* **Bybel Joernaal** behoort aan:

________________________________________

Datum:

__________________________

**Riglyne vir die deurwerk van hierdie 30 dae *Refleksie Joernaal*:**

- Elke dag se Bybelgedeelte is gehaal vanuit die *1983 Afrikaanse Bybelvertaling*. Indien jou Bybelvertaling verskil van die 1983 vertaling, is jy welkom om die dag se Bybelgedeelte in jou eie Bybel op te soek en dan daaruit te lees. Op hierdie wyse sal jy ook beter leer waar die verskillende Bybelboeke in jou eie Bybel is. Vergelyk jou vertaing met die 1983 vertaling indien dit anders is.

- Indien jy nie merkies wil maak, verse wil beklemtoon ("highlight") of wil onderstreep in jou eie Bybel nie, is die ***Refleksie Joernaal*** se daaglikse Bybeluittreksel daar vir jou om lekker te reflekteer, merk en in te kleur wat vir jou uitstaan of aanraak.

- Onthou, hierdie is jou joernaal. Leef jou in die Bybeltekste in. Maak dit jou eie en skryf alles wat in jou hart en gedagtes opkom neer in die spasies waar die vrae is. Skryf neer waaroor jy wonder (hoe snaaks of vreemd dit mag klink). Skryf jou vrae neer selfs al het jy nie antwoorde daarop op daardie oomblik nie - jy sal verbaas wees hoe Heilige Gees jou lei in die Waarheid oor verloop van tyd!

- Soos jy deur die daaglikse Bybelgedeeltes beweeg sal jy agterkom dat jy nuuskierig kan raak wat voor die dag se uittreksel gebeur het, of wat daarna gaan plaasvind. Dis hoe Heilige Gees jou honger maak om meer tyd in die Woord te spandeer. Stop vir 'n dag en lees verder soos wat jy voel Heilige Gees jou lei.

- **BELANGRIK VOOR ELKE LES:** Vra vir Heilige Gees om jou by te staan terwyl jy deur jou Bybel gaan lees en tyd met Hom gaan spandeer.

**Dag 1** MATTEUS 4

### Die versoeking in die woestyn

1Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word. 2Veertig dae en veertig nagte het Hy niks geëet nie en naderhand het Hy honger geword.

3Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: "As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word."

4Maar Hy antwoord: "Daar staan geskrywe:

"'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom. "

5Daarna neem die duiwel Hom na die heilige stad toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan 6en sê vir Hom: "As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe:

"Hy sal sy engele oor jou opdrag gee "en:

"Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie. "

7Jesus sê vir hom: "Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie. "

8Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag 9en sê vir Hom: "Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid."

10Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe:

"Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. "




11Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.

### Die eerste optrede van Jesus

12Toe Jesus hoor dat Herodes vir Johannes in die tronk laat opsluit het, het Hy na Galilea toe gegaan. 13Hy het nie in Nasaret gaan bly nie, maar Hom gaan vestig in Kapernaum by die see, in die gebied van Sebulon en Naftali. 14So moes vervul word wat deur die profeet Jesaja gesê is:

15"Jy, gebied van Sebulon en gebied van Naftali, aan die seekant en oorkant die Jordaan, Galilea waar die heidene woon!

16Die volk wat in duisternis woon, het 'n groot lig gesien; hulle wat in die skemerland van die dood lewe, vir hulle het die lig opgegaan."

17Van toe af het Jesus begin preek en gesê: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom."

### Die roeping van die eerste dissipels

18Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, sien Hy twee broers: Simon, wat ook Petrus genoem word, en sy broer Andreas. Hulle was besig om 'n werpnet in die see uit te gooi, want hulle was vissers van beroep. 19Hy sê toe vir hulle: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak."

20Hulle het dadelik die nette gelos en Hom gevolg.

21Toe Hy daarvandaan verder gaan, sien Hy twee ander broers: Jakobus 'n seun van Sebedeus, en sy broer Johannes. Hulle was in 'n skuit saam met hulle pa besig om hulle nette reg te maak. Jesus het hulle geroep, 22en hulle het dadelik die skuit en hulle pa verlaat en vir Jesus gevolg.

## Weldade aan baie mense

23Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak. 24En berigte oor Hom het deur die hele provinsie Sirië versprei. Die mense het toe die siekes met allerhande kwale en pyne, dié wat in die mag van bose geeste was, geestelik versteurdes en verlamdes na Hom toe gebring, en Hy het hulle gesond gemaak. 25Groot menigtes uit Galilea, Dekapolis, Jerusalem, Judea en van oorkant die Jordaan af het Hom gevolg.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon (‘highlight’) al Jesus se woorde.

3. Skryf ‘n vers neer wat jy glo die hart van die Skrifgedeelte (tema) dra.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig ‘n antwoord hierop te hê nie).

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Kies ‘n vers en verander dit in ‘n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________ Gebed :

____________________________________

____________________________________

____________________________________

7. Beskryf in jou eie woorde wie of wat ‘n dissipel is.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

8. Sien jy jouself as ‘n dissipel van Jesus? Verduidelik hoekom of hoekom nie.

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 2 **PSALMS 139**

**U omsluit my van alle kante**

1Vir die koorleier. Van Dawid. 'n Psalm.

Here, U sien dwarsdeur my, U ken my.

2Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit,

U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom.

3Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend.

4Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees.

5U omsluit my van alle kante, U neem my in besit.

6Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip.

7Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?

8Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar.

9Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste,

10ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas.

11Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek, of die lig rondom my om in nag te verander,

12maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig.

13U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder.

14Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker:

15geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot.

16U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.

17Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God, hoe magtig hulle almal!

18As ek hulle sou wou opnoem – hulle is meer as wat daar sand is, en as ek daarmee klaar is, sou ek nog steeds met U te doen hê.

19As U tog maar die goddelose uit die weg wou ruim, o God! Gaan weg van my af, julle moordenaars!

20Dit is hulle wat bose planne teen U smee, wat so vals teen U optree.

21Moet ek u haters dan nie haat nie, Here, moet ek nie 'n weersin hê in mense wat teen U in opstand is nie?

22Ek haat hulle met 'n uiterste haat, want hulle is ook my vyande.

23Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak.

24Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!

1. Kleur 'n vers of twee in wat vir jou uitstaan ('highlight').

2. Wat dink jy was Dawid se grootste begeerte toe hy hierdie Psalm geskryf het?

______________________________________

______________________________________

______________________________________



3. Skryf 'n vers oor wat 'n waarheid beskryf van wie God is.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Skryf 'n mooi karaktereienskap van Dawid neer wat jy opmerk vanuit hierdie Psalm.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat het jy geleer uit hierdie Psalm?

___________________________________

___________________________________


___________________________________

6. Waaroor laat hierdie Psalm jou wonder?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



**Dag 3** NUMERI 11

### Tabera: vuur brand onder die volk

1Dit het sleg gegaan met die volk, en hulle het die Here daaroor verwyt. Toe die Here dit hoor, het Hy kwaad geword en vuur onder hulle in gestuur. Dit het 'n deel van die kamp verbrand. 2Die volk het hulle nood by Moses gekla, en hy het tot die Here gebid, en die vuur het doodgegaan. 3Hulle het die plek Tabera genoem, omdat die vuur van die Here onder hulle gebrand het.

### Die volk kla oor kos en word gestraf.

### Die Gees kom op sewentig leiers

4Die mense van ander afkoms wat saam met die Israeliete getrek het, het 'n onweerstaanbare lus vir vleis gekry, en toe het die Israeliete self ook begin kla en gesê: "As ons tog net vleis gehad het om te eet! 5Ons onthou nog die vis wat ons in Egipte verniet kon eet, ook die komkommers, waatlemoene, prei, uie en knoffel. 6Maar nou wurg ons. Daar is niks behalwe hierdie manna voor ons nie!"

7Die manna was soos koljandersaad en het gelyk soos balsemgom. 8Die volk het die manna oral vandaan bymekaargemaak, dit op maalklippe gemaal of in vysels gestamp en dan in panne gebak of roosterkoeke daarvan gemaak. Dit het soos oliekoeke gesmaak.

9Die manna het snags saam met die dou by die kamp geval.

10Moses het die volk hoor kla, elke familie by die ingang van sy tent. Die Here het hieroor baie kwaad geword, en dit was ook verkeerd in Moses se oë. 11Moses sê toe vir die Here: "Waarom behandel U my so sleg, waarom is U my nie goedgesind nie, dat U die verantwoordelikheid vir hierdie hele volk op my gelaai het? 12Het ek dan swanger geword en hierdie hele volk in die wêreld gebring, dat U vir my sê: 'Dra hulle aan jou bors soos 'n oppasser met 'n suigeling doen, en bring hulle na die land toe wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het'? 13Waar sal ek die vleis vandaan haal om aan hierdie hele volk te gee, hulle wat by my kla en sê: 'Gee vir ons vleis dat ons kan eet!' 14Ek sien nie langer kans om hierdie hele volk alleen te dra nie, want dit is te swaar vir my. 15As U so met my wil maak, kan U my gerus maar om die lewe bring as U my goedgesind is. Hierdie slegte behandeling kan ek nie meer verduur nie."

16Die Here het vir Moses gesê: "Bring vir My sewentig van Israel se leiers, mense van wie jy weet dat hulle leiers en ampsdraers van die volk is. Neem hulle na die tent van ontmoeting toe en laat hulle daar by jou staan. 17Ek sal dan afkom en daar met jou praat, en Ek sal van die Gees wat op jou is, op hulle laat kom. Hulle sal dan saam met jou die verantwoordelikheid vir die volk dra, sodat jy dit nie alleen hoef te doen nie. 18Vir die volk moet jy sê: Reinig julle vir môreoggend, dan sal julle vleis eet. Die Here het gehoor hoe julle kla en sê: 'As ons tog net vleis gehad het om te eet; in Egipte was dit vir ons goed!' Die Here sal vir julle vleis gee, en julle sal eet! 19Julle sal nie net een dag of twee of vyf of tien of twintig dae eet nie, 20maar 'n hele maand lank, totdat julle daarvan naar word en daarvan walg, omdat julle die Here wat by julle is, getart het, en Hom verwyt het met die woorde: Waarom is ons tog uit Egipte weg?"

21Moses het toe gesê: "Hier is ek tussen ses honderd duisend mense, almal te voet, en U sê U sal vir hulle vleis gee, sodat hulle 'n hele maand lank daarvan kan eet! 22Sal

daar genoeg skape en beeste vir hulle geslag kan word? Sal hulle genoeg hê as al die vis in die see vir hulle gevang word?”

23Maar die Here het vir Moses gesê: “Dink jy Ek het nie die mag nie? Jy sal nou self sien of my woord bewaarheid word of nie.”

24Moses het vir die volk gaan vertel wat die Here gesê het. Hy het sewentig leiers van die volk bymekaar laat kom en hulle rondom die tent laat staan. 25Die Here het toe in die wolk afgekom, met Moses gepraat en 'n deel van die Gees wat op Moses was, op die sewentig laat kom. Toe die Gees op hulle kom, het hulle as profete begin optree, maar daarna nie meer nie.

26Twee van die manne onder dié wat opgeskryf was, het nie na die tent toe uitgegaan nie, maar het in die kamp agtergebly. Die een se naam was Eldad en die ander s'n Medad. Terwyl die Gees op hulle gerus het, het hulle in die kamp as profete opgetree.

27'n Jongman het toe gehardloop en vir Moses gaan vertel: “Eldad en Medad tree as profete op in die kamp!”

28Josua seun van Nun, van jongs af Moses se assistent, het gesê: “Laat hulle tog ophou, Meneer!”

29Maar Moses sê vir hom: “Bekommer jy jou oor my posisie? Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat Hy sy Gees op almal mag lê.”

30Daarna het Moses en die leiers na die kamp toe teruggegaan.

31Die Here het toe 'n wind gestuur en dit het kwartels van die see se kant af aangebring en hulle rondom die kamp laat val, omtrent 'n dagreis ver na alle kante toe en omtrent 'n meter diep op die grond. 32Die volk het daardie hele dag en die hele nag en ook die volgende dag uitgegaan en kwartels bymekaargemaak. Elkeen het minstens 'n ton vleis bymekaargemaak en dit rondom die kamp oopgegooi. 33Die vleis was nog tussen hulle tande, hulle het nog nie begin kou nie, toe ontvlam die toorn van die Here teen die volk. Hy het baie van hulle om die lewe gebring. 34Hulle het dié plek Kibrot-Taäwa genoem, omdat hulle die gulsige mense daar begrawe het. 35Van Kibrot-Taäwa af het die volk na Gaserot toe weggetrek en daar gebly.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan of met jou hart praat.

2. Wat se Bybelkarakter in hierdie storie staan vir jou uit en hoekom?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Wat dink jy is God se boodskap aan jou vanuit hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Beskryf ‘n karaktereienskap van God wat jy uit hierdie gedeelte waarneem.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 4 HANDELINGE 4

### Petrus en Johannes voor die Joodse Raad

1Petrus en Johannes was nog besig om met die mense te praat toe die priesters, die bevelvoerder van die tempelwag en die Sadduseërs op Petrus-hulle afstorm. 2Die priesters en die ander was onthuts omdat die apostels die mense geleer het en verkondig het dat die opstanding uit die dood deur Jesus se opstanding 'n werklikheid geword het. 3Hulle het Petrus en Johannes gevange geneem, en hulle, omdat dit al laat was, in die tronk gesit tot die volgende môre. 4Tog het baie van die mense wat hulle prediking gehoor het, gelowig geword; en die getal gelowiges het aangegroei tot omtrent vyf duisend.

5Die volgende môre het die raadslede, die familiehoofde en die skrifgeleerdes in Jerusalem vergader. 6Ook die hoëpriester Annas, en Kajafas, Johannes, Aleksander en al die ander lede van die hoëpriesterlike familie was teenwoordig. 7Hulle het die apostels voor hulle laat bring en hulle ondervra: "Deur watter krag en in wie se naam het julle dit gedoen?"

8Toe het Petrus, vol van die Heilige Gees, vir hulle gesê: "Raadslede van die volk, en familiehoofde, 9julle verhoor ons vandag oor 'n weldaad aan 'n siek man en oor hoe hy gesond gemaak is. 10Julle almal en die hele volk Israel moet weet dat dit in die Naam van Jesus Christus van Nasaret is dat hy hier gesond voor julle staan – dié Jesus vir wie julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het. 11Hy is

"die klip wat deur julle, die bouers, afgekeur is. Juis Hy het die belangrikste klip in die gebou geword.



12"Hý bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie."

13Die Joodse Raad was verbaas toe hulle Petrus en Johannes se vrymoedigheid sien, want die Raad het geweet dit is maar ongeleerde en eenvoudige mense. Die raadslede het hulle ook herken as volgelinge van Jesus. 14En toe hulle nog boonop die gesonde man by die apostels sien staan, kon hulle niks teen hulle inbring nie. 15Die raadslede het hulle toe beveel om die raadsaal te verlaat en het die saak met mekaar bespreek.

16"Wat gaan ons met hierdie mense maak?" het hulle gevra. "Dat 'n onmiskenbare wonder deur hulle plaasgevind het, is vir al die inwoners van Jerusalem duidelik. Ons kan dit nie ontken nie. 17Maar om te voorkom dat hierdie dinge nog verder onder die volk versprei, moet ons hulle met dreigemente verbied om weer in die Naam van Jesus met iemand te praat."

18Daarna het die Raad die apostels weer laat inkom en hulle beveel om glad nie verder in die Naam van Jesus iets te verkondig of te leer nie. 19Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê: "Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God. 20Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie."

21Nadat die Raad die apostels daarby nog ernstig gedreig het, het hulle hulle losgelaat. Hulle het dit gedoen omdat hulle geen rede kon vind om hulle te straf nie en vanweë die houding van die volk, want al die mense het God geprys oor wat daar gebeur het. 22Die man wat deur hierdie

wonder gesond geword het, was immers al oor die veertig.

### Die gebed van die gelowiges

23Nadat Petrus en Johannes losgelaat is, het hulle na hulle medegelowiges toe gegaan en vir hulle vertel wat die priesterhoofde en die familiehoofde alles vir hulle gesê het. 24Toe hulle dit hoor, het hulle almal saam tot God gebid en gesê: “Here, dit is U wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het. 25En U het deur die Heilige Gees by monde van ons voorvader Dawid, u dienaar, gesê:

“Waarom het heidennasies te kere gegaan,

en het volke sinlose planne beraam?

26Die konings van die aarde het in opstand gekom,

en die heersers het saamgespan

teen die Here en teen sy Gesalfde.

27“Dit is wat werklik in hierdie stad gebeur het. Herodes en Pontius Pilatus het met heidennasies en die volk Israel saamgespan teen u heilige Dienaar, Jesus, wat deur U gesalf is, 28en hulle het alles gedoen wat U vooruit beskik en besluit het.

29“En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. 30Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus.”

31Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.

### Onderlinge mededeelsaamheid

32Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel. 33Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot oor hulle almal. 34Nie een van hulle het gebrek gely nie, want dié wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprys daarvan gebring 35en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte.

36Josef 'n Leviet wat op Siprus gebore is en wat deur die apostels Barnabas genoem is – dit beteken iemand wat mense moed inpraat – 37het ook die grond wat hy gehad het, verkoop en die geld gebring en dit vir die apostels gegee.

**1.Kies een vers wat jy graag sal wil memoriseer of onthou vir altyd.**

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**2. Beklemtoon (‘highlight’) ‘n belofte wat jy raaksien wat God aan jou gee.**

**3. Wat het jy geleer vanuit hierdie Bybelgedeelte?**

________________________________________

________________________________________

________________________________________

4. Onderstreep verse wat na Heilige Gees verwys.

5. Kan jy dink aan enige vraag wat jy graag sal wil vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het. Skryf dit neer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Watter waarheid oor wie God (of Jesus) is, word vir jou uitgebeeld in hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Watse voorbeeld van Petrus of Johannes kan jy ook nastreef om te volg?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 5 GENESIS 18

### Abraham ontvang drie besoekers

1Die Here het aan Abraham verskyn by die groot bome van Mamre. Terwyl hy op die warmste van die dag by sy tentdeur sit, 2kyk hy op en sien drie mans daar naby staan. Toe hy hulle sien, het hy van sy tentdeur af na hulle toe gedraf en voor hulle gebuig. 3Hy het gesê: "Menere, u sal my 'n guns bewys deur nie by my verby te gaan nie. 4Laat ek eers 'n bietjie water laat haal sodat u u voete kan was, en kom rus dan onder die boom. 5U is nou eenmaal op pad hier by my verby, en daarom wil ek 'n stukkie brood vir u gaan haal dat u weer nuwe krag kan kry."

Hulle het vir hom gesê: "Goed! Maak so!"

6Abraham het toe gou na Sara toe in die tent gegaan en vir haar gesê: "Vat gou sestien kilogram meel en knie dit en bak roosterkoeke."

7Daarna het hy na die beeste toe gedraf en 'n mooi jong kalf gevat en vir 'n slaaf gegee om dit gou voor te berei. 8Toe het Abraham botter en melk en die kalf wat voorberei is, gevat en voor die mans neergesit, en hulle het daar onder die boom geëet terwyl hy hulle bedien.

9Toe vra hulle hom: "Waar is jou vrou Sara?" en hy antwoord: "Hier in die tent."

10Toe sê die een: "Ek sal beslis volgende jaar hierdie tyd na jou toe terugkom, en dan sal jou vrou Sara 'n seun hê."

Sara het by die tentopening gestaan en afluister, en die een wat gepraat het, was aan die buitekant. 11Abraham en Sara was albei al baie oud, en Sara was verby die ouderdom van kinders in die wêreld bring, 12en daarom het sy by haarself gelag en gedink: sal ek nog genot kan hê noudat ek afgeleef is? En dit met my man wat oud is?

13Toe vra die Here vir Abraham: "Waarom lag Sara? Waarom dink sy: sal ek werklik 'n kind in die wêreld bring noudat ek oud is? 14Is iets te buitengewoon vir die Here? Op die vasgestelde tyd sal Ek terugkom. Volgende jaar hierdie tyd sal Sara 'n seun hê."

15Sara het geskrik en toe 'n leuen vertel. "Ek het nie gelag nie," het sy gesê.

Maar die Here het gesê: "Nee, jy het gelag."

### Abraham pleit vir Sodom se mense

16Toe die mans opstaan om te vertrek, het Abraham 'n entjie saam met hulle gestap. Die mans het afgekyk in die rigting van Sodom, 17en toe dink die Here: sal Ek vir Abraham wegsteek wat Ek wil doen? 18Abraham sal tog 'n groot en sterk nasie word en in hom sal al die nasies van die aarde geseën word. 19Ek het hom gekies dat hy sy kinders en sy nageslag kan beveel om op my pad te bly deur te doen wat goed en reg is, sodat Ek vir Abraham kan doen wat Ek hom beloof het.

20Toe sê die Here: "Die geroep teen Sodom en Gomorra is hard. Hulle sonde is baie groot! 21Ek wil gaan kyk sodat Ek kan weet of hulle ooreenkomstig die geroep wat tot by My gekom het, gehandel het of nie."

22Die mans het weggedraai Sodom toe, maar die Here het by Abraham bly staan.

23Abraham het toe nader gekom na die Here toe en gevra: "Sal U die regverdiges saam met die goddeloses vernietig? 24Miskien is daar vyftig regverdiges in die stad. Sal U die plek werklik vernietig? Sal U dit nie spaar oor

vyftig regverdiges daarin nie? 25U sal tog nie so iets doen en die regverdiges saam met die goddeloses om die lewe bring nie! U sal tog nie die regverdiges soos die goddeloses behandel nie! Sal die regter van die hele aarde dan nie reg laat geskied nie?"

26Toe sê die Here: "As Ek vyftig regverdiges in Sodom kry, sal Ek die hele plek spaar oor hulle."

27Abraham het gesê: "Ek is maar net stof en as, en tog het ek gewaag om met die Here te praat. 28Sê nou die regverdiges is vyf minder as vyftig: sal U die hele stad vir vyf verdelg?"

Hierop antwoord die Here: "Ek sal dit nie verdelg as Ek vyf en veertig daar kry nie."

29Toe praat Abraham weer met die Here: "Miskien sal daar veertig gevind word," en die Here sê: "Ook oor veertig sal Ek dit nie doen nie."


30Abraham sê toe: "Moet tog nie kwaad word as ek nog 'n keer praat nie, Here. Miskien sal daar dertig te kry wees," en die Here sê: "Ek sal dit nie doen as Ek dertig daar kry nie."

31Maar Abraham sê: "Ek bly waag om met die Here te praat. Miskien word daar twintig gekry," en die Here sê: "Oor die twintig sal Ek dit nie verdelg nie."

32Toe sê Abraham: "Moet tog nie kwaad word nie, Here! Ek wil nog net een keer praat; miskien word daar tien gekry."

En die Here sê: "Ook oor tien sal Ek dit nie verdelg nie."

33Toe die Here klaar met Abraham gepraat het, het Hy weggegaan, en Abraham het na sy plek toe teruggegaan.



1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') Abraham se woorde oral waar hy gepraat het.

3. Gee 'n nuwe opskrif aan vandag se gedeelte wat jy glo die hart van die Skrifgedeelte beskryf.

______________________________

______________________________

______________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

______________________________

______________________________

______________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

______________________________

______________________________

______________________________

6. Noem die effek (nagevolg) van Abraham se gasvryheid wat hier gesien word.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Hoe kan jy dieselfde as enige van hierdie Bybekarakters optree, of dalk iets nuut leer vanuit hulle foute.

Karakter: ___________________________

My optrede:_________________________

___________________________________

___________________________________

8. Skryf 'n waarheid neer van wie God is of 'n karakatereienskap van God wat jy vanuit die Bybelgedeelte agterkom.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 6 ROMEINE 4

### Die voorbeeld van Abraham

1Wat moet ons nou sê was die geval met ons stamvader Abraham? 2As Abraham op grond van sy dade vrygespreek is, dan het hy 'n rede gehad om te roem. Maar nie by God nie! 3Wat sê die Skrif? “Abraham het in God geglo, en God het hom vrygespreek.” 4'n Arbeider se loon word nie vir hom as 'n guns gegee nie, maar as iets wat hom toekom. 5Maar die mens wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vryspraak deur sy geloof. 6So sê ook Dawid dat dié mens geseënd is wat deur God vrygespreek word buite wetsonderhouding om:

7“Geseënd is die mense wie se oortredinge nie gestraf word nie en wie se sonde vergewe word.

8Geseënd is die mens vir wie die Here die sonde nie toereken nie.”

9Het hierdie uitspraak oor wie geseënd is, net betrekking op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Ons sê weer: “Deurdat Abraham geglo het, het God hom vrygespreek.” 10Wanneer het dit gebeur? Toe hy reeds besny was of toe hy nog onbesnede was? Dit was nie toe hy besnede was nie, maar toe hy nog onbesnede was. 11Hy het die besnydenis as 'n teken ontvang. Dit is 'n seël wat bewys dat God hom vrygespreek het deurdat hy geglo het toe hy nog onbesnede was. Die doel daarmee was dat hy die vader sou wees van almal wat glo al is hulle nie besny nie. Hulle word dus ook deur God vrygespreek deurdat hulle glo. 12Ons voorvader Abraham sou ook die vader wees van dié besnedenes wat nie net besny is nie, maar ook glo, soos hy geglo het toe hy nog onbesnede was.

### Wat belowe is, word deur die geloof verkry

13Dit is trouens nie omdat Abraham die wet van Moses onderhou het dat aan hom en sy nageslag die belofte gegee is dat hy die wêreld as besitting sal ontvang nie, maar omdat hy vrygespreek is deurdat hy geglo het. 14As mense deur wetsonderhouding deelgenote van die belofte sou kon word, sou die geloof sy betekenis verloor het en die belofte sy krag. 15Die wet bring juis die straf van God, want waar daar nie 'n wet is nie, is daar ook geen oortreding van die wet nie. 16Daarom het die belofte deur die geloof, en dus uit genade, tot Abraham gekom sodat dit van krag sou bly vir sy hele nageslag. En sy nageslag is nie net dié wat die wet ontvang het nie, maar ook dié wat glo, soos Abraham geglo het. Hy is immers die vader van ons almal, 17soos daar geskrywe staan: “Ek het jou die vader van baie nasies gemaak.” Dít is hy in die oë van God in wie hy geglo het, God wat dooies lewend maak en dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord. 18Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo, en so die vader van baie nasies geword volgens die belofte: “So sal jou nageslag wees.” 19Al was hy sowat honderd jaar en al het hy dus goed besef dat sy liggaam reeds gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, het sy geloof nie verswak nie. 20Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee. 21Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het. 22Deurdat Abraham geglo het, het God hom dus vrygespreek.

23Dat hy vrygespreek is deurdat hy geglo het, is nie net ter wille van hom opgeteken nie, 24maar ook ter wille van ons wat vrygespreek sal word, óns wat in God glo wat vir Jesus, ons Here, uit die dood opgewek het. 25Hy is vanweë ons oortredings oorgelewer en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word.

1. Onderstreep 'n vers/e wat vir jou uitstaan.

2. Kleur al die sinne/verse in ('highlight') wat die woord "glo" of "geloof" bevat. Omkring dan met 'n potlood die woorde: glo en geloof.

3. Kies 'n vers en verduidelik hoe jy jou lewe kan rig of verander deur meer so te leef.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees het of weer opnuut van bewus geraak het? Skryf dit neer.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed : ______________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Skryf 'n waarheid oor God/Jesus neer wat jy vanuit hierdie teks waarneem.

____________________________________

____________________________________

____________________________________



## Dag 7 KLAAGLIEDERE 3

### Ek hoop op God

1Ek is die man wat ellende belewe het. Die Here het my met sy toorn geslaan.

2Hy het my die donker in gejaag, my laat loop op 'n pad sonder lig.

3Vir my stoot Hy gedurig weg,dag na dag.

4Hy het my hele liggaam laat wegteer, my bene gebreek.

5Hy het my toegebou met 'n muur van gif en ontbering rondom my.

6Hy maak die donker my tuiste, ek is soos dié wat lankal dood is.

7Hy het 'n muur om my gebou, ek kan nie uitkom nie, Hy het vir my swaar bronskettings aangesit.

8Al roep ek en al smeek ek om hulp, Hy weier om my gebed te verhoor.

9Hy het my pad met klip toegebou, vir my geen uitkomplek gelaat nie.

14Ek word uitgelag deur my hele volk,

hulle sing heeldag spotliedjies oor my.

18Ek het gedink dit is klaar met my

en met my hoop op die Here.

19Die gedagte aan my ellende en my vreemdelingskap is gal en gif vir my; 20as ek daaroor nadink, draai my gedagtes vas.

21Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop:

22deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie;

daar is geen einde aan sy ontferming nie,

23dit is elke môre nuut. U trou is groot.

24Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.

25Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra;

26dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here;

27dit is goed vir 'n mens om sy las in sy jeug te dra.

28Laat hy in sy eensaamheid geduldig bly as God hom die las opgelê het,

29laat hy hom diep verootmoedig – miskien is daar hoop –

30laat hy sy wang draai vir wie hom slaan, laat hy maar oorvloedig smaad ondervind.

31Die Here verstoot 'n mens nie vir altyd nie;

32as Hy beproewing oor 'n mens gebring het, ontferm Hy Hom weer, want sy liefde is groot:

33dit is teen sy sin dat Hy mense in ellende en beproewing bring.

34Dat al die gevangenes in die land mishandel word,

35dat iemand se reg vertrap word voor die Allerhoogste,

36dat 'n mens in 'n regsaak veronreg word – die Here sien dit raak!

37Wie kan iets beplan, en dit gebeur, as die Here nie die bevel gee nie?

38Is dit nie op bevel van die Allerhoogste



dat die kwaad sowel as die goeie te voorskyn kom nie?

39Wat kla 'n mens oor sy lewe? Hy moet liewer sy sonde oorwin.

40Laat ons ons doen en late deeglik ondersoek en ons tot die Here bekeer,

41laat ons met ons hele hart ons hande na God in die hemel uitsteek en bely:

42"Ons het sonde gedoen en was opstandig; U het nie vergewe nie."

1. Onderstreep 'n vers of twee vanuit die Skrifgedeelte, wat jou oog gevang het terwyl jy daardeur gelees het.

2. Waaroor wonder jy soos wat jy deur die teks gelees het?

__________________________________

__________________________________

__________________________________

3. Skryf 'n belofte(s) of waarheid oor wie God is neer wat jy raaklees in die verse.

__________________________________

__________________________________

__________________________________

4.Het jy al vervolging of ellende beleef soos God se kinders in die skrif van vandag? Skryf voorbeelde neer bv. Verjaag / verstoot / uitgelag.

__________________________________

__________________________________

__________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

__________________________________

__________________________________

__________________________________

6. Trek 'n sikel om die vers(e) wat vir jou interessant is.

7. Watter waarheid oor wie God is leer jy vanuit hierdie Bybelgedeelte?

__________________________________

__________________________________

__________________________________



# Dag 8 2 KORINTIËRS 4

## Die apostels verkondig Jesus Christus, die Here

1God het Hom oor ons ontferm en hierdie bediening aan ons opgedra. Daarom word ons nie moedeloos nie. 2Ons vermy praktyke wat nie die lig kan verdra nie en waaroor ons ons sou moes skaam. Ons gaan nie met bedrog te werk nie en ons vervals nie die woord van God nie. Inteendeel, ons maak die waarheid openlik bekend en beveel onsself so aan by elkeen wat voor God 'n eerlike gewete het. 3As die evangelie wat ons verkondig, tog nog met 'n sluier bedek is, is dit bedek net vir dié wat verlore gaan. 4Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is. 5Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus. 6God wat gesê het: "Laat daar lig skyn uit die duisternis," het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal.

## 'n Skat in kleipotte

7Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

8In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie;

ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie;

9ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie,

op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie.

10Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam,

sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam.

11Voortdurend word ons wat lewe, ter wille van Jesus uitgelewer aan die dood, sodat ook in ons sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word.

12Dit beteken dat in ons die dood aan die werk is, maar in julle die lewe. 13Daar staan in die Skrif: "Ek het geglo, daarom het ek gepraat." Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek, en ons glo, daarom praat ons ook. 14Ons weet immers dat God, wat die Here Jesus uit die dood opgewek het, ons ook saam met Jesus sal opwek en ons saam met julle voor sy troon sal stel. 15Ons doen dit alles om julle ontwil, sodat die genade van God steeds meer mense kan bereik. Dan word die dankgebede ook meer, en God ontvang die eer.

## Lewe deur die geloof

16Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. 17Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. 18Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

**1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.**



2. Beklemtoon ('highlight)' 'n waarheid oor Heilige Gees se werking wat jy vanuit die teks raaklees.

3. Skryf 'n opdrag neer wat jy voel God vir jou wil gee vanuit hierdie verse.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

___________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Het jy iets nuuts raakgelees of van bewus geword terwyl jy deur die verse gelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

7. Skryf 'n vers of sin vanuit die verse neer wat jy wil memoriseer of onthou vir altyd.

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 9 PREDIKER 12

1Dink aan jou Skepper in jou jong daevoor
die swaar dae kom,die jare aanbreek
waarvan jy sal sê: “Ek het daar niks aan nie.”

2Dit is die tyd wanneer die son donker sal
word en ook die daglig, die maan en die
sterre, die tyd wanneer dit weer bewolk
word ná die reën.

3Dit is die tyd wanneer die wagters van die
huis sal bewe, die sterk manne waggle en
die malers ophou maal omdat hulle min
geword het, die tyd wanneer dit donker
word vir dié wat deur die vensters kyk,

4wanneer die deure na die straat toe
toegemaak word,die geluid van die meul
dof word, die tyd wanneer 'n mens opstaan
as die voëls begin sing al hoor hy geen lied
meer nie.

5Dit is die tyd wanneer hy bang is vir 'n
hoogte en vir alles op die pad skrik, die tyd
wanneer die amandelboom in bloei staan,
die sprinkaan homself moeisaam
voortsleep en die kapperkruid nutteloos
word, die tyd wanneer die mens na sy ewige
woning gaan en dié wat treur, op die straat
rondgaan,

6die tyd wanneer die silwerdraad afgebreek
word en die goue kruik breek, die kruik by
die fontein stukkend breek en die wiel by
die put stukkend val,

7die tyd wanneer die stof na die aarde toe
terugkeer soos dit was,en die gees na God
terugkeer wat dit gegee het.

8Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks.

### Dien God en gehoorsaam sy gebooie

9Die Prediker was nie net 'n man met
wysheid nie, hy het ook die volk onderrig.
Hy het nagedink, nagevors en baie spreuke
gemaak. 10Hy het daarna gestrewe om
hom raak uit te druk en die waarheid getrou
op te teken. 11Die woorde van mense met
wysheid is soos skerp stokke, versamelde
spreuke is soos spykers wat ingeslaan is.
Hulle is deur een Herder gegee.

12Die belangrikste van alles is: My seun,
wees versigtig! Daar kom nie 'n einde aan
die skryf van baie boeke nie, te veel studie
ooreis die liggaam. 13Die slotsom van alles
wat jy gehoor het, is dit: Dien God en
gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die
mens gevra word. 14God sal rekenskap eis
oor alles wat gedoen word, ook oor wat in
die geheim gedoen word, of dit goed is of
kwaad.

1. Kleur ‘n vers in wat vir jou uitstaan (‘highlight’).

2. Wat dink jy wasdie Prediker se kerngedagte toe hy hierdie stuk geskryf het?

______________________________

______________________________

______________________________

3. Kies ‘n vers/sin wat ‘n opdrag van God aan Sy kinders beskryf.

______________________________

______________________________

______________________________



4. Skryf 'n mooi karaktereienskap of leefwyse van die Prediker neer wat jy opmerk vanuit hierdie Bybelgedeelte.

___________________________________

___________________________________


___________________________________

5. Wat het jy geleer uit Prediker 12 vandag?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 10 LUKAS 6:1-36

### Jesus is Here oor die sabbat

1Eenkeer het Jesus op 'n sabbatdag deur gesaaides geloop. Sy dissipels het are gepluk en dit met die hande uitgevrywe en geëet. 2Toe sê 'n paar van die Fariseërs: "Waarom doen julle iets wat op die sabbatdag nie gedoen mag word nie?"

3Jesus antwoord hulle: "Het julle dan nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne honger gekry het nie? 4Hy het die huis van God binnegegaan en die offerbrode geneem en geëet en ook aan sy manne gegee. Tog is niemand behalwe die priesters toegelaat om daardie brood te eet nie."

5Verder sê Hy vir hulle: "Die Seun van die mens is Here oor die sabbat."

### Die man met die gebreklike hand

6Op 'n ander sabbatdag het Jesus weer in die sinagoge ingegaan en die mense geleer. Daar was 'n man met 'n gebreklike regterhand. 7Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het vir Jesus dopgehou om te sien of Hy op die sabbatdag iemand sou gesond maak sodat hulle 'n aanklag teen Hom kon kry. 8Maar Hy het hulle gedagtes geken en vir die man met die gebreklike hand gesê: "Staan op en kom staan hier in die middel." En hy het daar kom staan.

9Toe sê Jesus vir hulle: "Nou vra Ek julle: Mag 'n mens op die sabbatdag goed doen of kwaad doen, iemand red of doodmaak?"

10Nadat Hy almal rondom Hom aangekyk het, sê Hy vir die man: "Steek jou hand uit."

11Hy het dit gedoen, en sy hand was gesond. Maar hulle het rasend van woede geword en onder mekaar geredeneer oor wat hulle Jesus sou aandoen.

### Jesus kies twaalf apostels

12In daardie tyd het Jesus uitgegaan na die berg toe om te bid en die hele nag deurgebring in gebed tot God. 13Toe dit dag word, het Hy sy dissipels nader geroep en twaalf van hulle uitgekies, wat Hy ook apostels genoem het. 14Hulle was Simon, wat Hy ook Petrus genoem het, en sy broer Andreas, Jakobus en Johannes, Filippus en Bartolomeus, 15Matteus en Tomas, Jakobus seun van Alfeus, Simon die Seloot, Judas seun van Jakobus, 16en Judas Iskariot wat die verraaier geword het.

### Weldade aan baie mense

17Hy het saam met hulle van die berg afgekom en op 'n gelykte by 'n groot aantal volgelinge gaan staan. Van die hele Joodse land en Jerusalem en van die kusgebied van Tirus en Sidon af was daar 'n menigte mense 18wat gekom het om na Hom te luister en van hulle siektes genees te word. Ook dié wat onder onrein geeste gely het, is gesond gemaak. 19Al die mense het Hom probeer aanraak, omdat daar krag van Hom uitgegaan het en Hy almal gesond gemaak het.

### Seën en ellende

20Jesus het sy dissipels aangekyk en gesê:

"Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God.

21Geseënd is julle wat nou honger het, want julle sal versadig word.

Geseënd is julle wat nou huil, want julle sal lag.

22Geseënd is julle wanneer die mense julle haat en julle verstoot en uitskel

en julle naam vermy soos iets wat sleg is,
alles ter wille van die Seun van die mens.

23Wees bly op daardie dag en spring rond
van vreugde, want vir julle is daar groot
beloning in die hemel. Hulle voorvaders het
immers met die profete net so gemaak.

24"Maar ellende wag vir julle wat ryk is,
want julle het julle lekker lewe al weg.

25Ellende wag vir julle wat julle nou vol eet,
want julle sal honger ly. Ellende wag vir julle
wat nou lag, want julle sal treur en huil.

26Ellende wag vir julle as al die mense goed
van julle praat. Hulle voorvaders het
immers met die vals profete net so
gemaak."

### Liefde vir die vyand

27"Maar vir julle wat na My luister, sê Ek:
Julle moet julle vyande liefhê; doen goed
aan die mense deur wie julle gehaat
word; 28seën die mense deur wie julle
vervloek word; bid vir die mense deur wie
julle sleg behandel word. 29As iemand jou
op die een wang slaan, bied hom ook die
ander een aan. En vir iemand wat jou
boklere vat, moet jy ook jou onderklere nie
weier nie. 30Aan elkeen wat iets vra, moet
jy gee; en as iemand jou goed vat, moet jy
dit nie terugeis nie. 31Behandel ander
mense soos julle self behandel wil word.

32"As julle net dié liefhet wat vir julle
liefhet, watter aanspraak op dank het julle
dan nog? Ook die sondaars het net dié lief
wat vir hulle liefhet. 33En as julle goed doen
net aan dié wat aan julle goed doen, watter
aanspraak op dank het julle dan nog? Die
sondaars maak maar net so. 34En as julle
geld leen net aan dié van wie julle hoop om
dit terug te kry, watter aanspraak op dank
het julle dan nog? Sondaars leen ook aan
sondaars, solank hulle maar dieselfde
bedrag kan terugkry. 35Nee, sonder om iets
terug te verwag, moet julle julle vyande
liefhê en goed doen en uitleen. Dan sal daar
vir julle 'n groot beloning wees: julle sal
kinders van die Allerhoogste wees, omdat
Hy self goed is vir die ondankbares en
slegtes. 36Wees barmhartig soos julle
Vader barmhartig is."

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon (highlight) die dele wat beskryf waar en wanneer Jesus gebid het.

3. Wat leer jy vandag nuut vanuit hierdie verse ?

4. Noem optredes of lewenswyses wat Jesus noem, wat jou as geseênd sien.

5. Skryf 'n vraag neer waaroor jy wonder nadat jy die verse deurgelees het.



6. Skryf 'n opdrag of twee (vanuit vandag se Skrif) wat God aan elkeen van Sy kinders gee.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Skryf 'n waarheid of karaktereienskap van God of Jesus neer wat jy waarneem vanuit hierdie verse.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 11 HABAKUK 3

## Habakuk se gebed

1'n Gebed van die profeet Habakuk. Op die wysie van 'n klaaglied.

2Here, ek het gehoor wat van U vertel is en ek is vervul met ontsag vir wat U gedoen het. Doen dit tog ook in ons tyd, laat u dade ook in ons tyd ervaar word, ontferm U selfs in u toorn.

3God kom van Teman af, die Heilige kom van Paranberg af.*Sela*

Die hemelruim is vol van sy majesteit, die aarde vol van sy roem.

4Hy kom met die glans van die lig, weerligte blits uit sy hand, sy hand so vol mag.

5Voor Hom uit gaan die pes, in sy voetstappe volg die dood.

6Wanneer Hy staan, skud die aarde; wanneer Hy kyk, bewe die nasies. Die eeue-oue berge verkrummel, die ou-ou heuwels val inmekaar, die berge waaroor Hy van ouds af gewandel het!

7Ek het gesien hoe onheil die tente van Kusan tref, hoe die tentdoeke van Midian bewe.

8Was U kwaad vir die riviere, Here? Het u toorn teen die strome ontvlam? Het die see U woedend gemaak dat U op u perde gery het, op die strydwaens waarmee U oorwin?

9U het u boog uitgehaal en met 'n eed die opdrag aan die pyle bevestig.*Sela*

U het die aarde oopgebreek en riviere laat stroom.

10Toe die berge U sien, het hulle gebewe, stormwaters het verbygespoel, die diep water het gedreun en sy golwe hoog laat opslaan.

11Toe u vlieënde pyle blits en u blink spies flikker, het die son en die maan gaan stilstaan op hulle plek.

12In u gramskap stap U oor die aarde, in u toorn vertrap U die nasies.

13U het uitgegaan om u volk te red, om u gesalfde koning te red. U verpletter die aanvoerder van die goddeloses, U stroop hulle kaal van kop tot tone.*Sela*

14Met sy eie pyle deurboor U die aanvoerder wanneer sy manskappe uitstorm om ons te verstroo terwyl hulle jubel soos dié wat die ellendiges in hulle skuilplekke verslind.

15U trek deur die see met u perde sodat die magtige waters bruis.

16Toe ek hierdie dinge hoor, het ek gesidder, my lippe het gebewe, my hele liggaam het lam geword, my bene het aan die ruk gegaan. Tog sal ek geduldig wag dat die dag van die oordeel moet kom oor die volk deur wie ons aangeval is.

17Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees,

18nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder.

19Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.

Vir die koorleier. Met snarespel.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou mooi is of uitstaan

2. Wat dink jy wil God vir jou leer vanuit hierdie Bybelgedeelte in Habakuk?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Watter karaktereienskap(pe) van God kom sterk na vore in die verse soos jy daardeur gelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



4. Is daar 'n aanpassing in jou lewe of geloof wat jy moet maak, sodat jy meer sal leef soos wat die Bybel in hierdie verse vir jou leer?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Herkryf 'n vers of twee vanuit die teks, wat 'n belofte van God aan jou is.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

## Dag 12 HEBREËRS 12

### Die oog moet op Jesus gevestig wees

1Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, 2die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. 3Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.

### Die Here tug dié wat Hy liefhet

4Julle het nog nie so teen die sonde weerstand gebied dat dit vir julle 'n stryd om lewe of dood geword het nie. 5Julle het ook vergeet van die aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word:

“My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou teregwys nie,

6want die Here tug hom wat Hy liefhet,

Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem.”

7Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. Is daar miskien 'n kind wat nie deur sy vader getug word nie? 8As julle nie getug word soos al die ander nie, dan is julle nie werklik sy kinders nie. 9Verder, ons het ons aardse vaders gehad wat ons getug het, en ons het vir hulle eerbied gehad. Sal ons ons nie nog des te meer aan die hemelse Vader onderwerp en lewe nie? 10Ons vaders het ons wel 'n kort tydjie na hulle goeddunke getug, maar Hy tug ons tot ons beswil sodat ons in sy heiligheid mag deel.

11Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, 'n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God.

12Versterk daarom die slap hande en die lam knieë 13en loop die reguit pad. Dan sal wat lam is, nie uit lit raak nie, maar gesond word.

### Moenie die genade van God verwerp nie

14Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir 'n heilige lewe, waarsonder niemand die Here sal sien nie. 15Sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie. Sorg dat daar nie verbittering soos 'n wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie. 16Sorg ook dat niemand sedeloos en goddeloos lewe nie, soos Esau wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg verkoop het. 17Julle weet dat hy verwerp is toe hy daarna die seën wou verkry. Daar was vir hom geen moontlikheid om die saak reg te stel nie, al het hy met trane daarna gesoek.

18Julle het immers nie gekom by 'n tasbare berg met brandende vuur, donderwolke, duisternis, stormwind, 19trompetgeskal en geklank van woorde nie. Hulle wat dit gehoor het, het gesmeek dat geen woord meer tot hulle gerig moes word nie. 20Die bevel dat selfs 'n dier wat aan die berg raak, met klippe doodgegooi moet word, was vir hulle ondraaglik. 21So angswekkend was die verskynsel dat Moses uitgeroep het: “Ek sidder van angs!”

22Maar julle het wel gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die

hemelse Jerusalem met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms, 23die vergadering van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is. Julle het gekom by God wat Regter oor almal is, en by die geeste van dié wat vrygespreek en wat nou volmaak is, 24by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en by die besprinkelingsbloed wat van iets beters getuig as die bloed van Abel.

25Pas op, moet Hom wat met julle praat, nie afwys nie. Hulle wat Hom afgewys het toe Hy sy Goddelike woord op aarde laat hoor het, het nie ontkom nie. Hoeveel minder sal ons ontkom wanneer ons nie ag slaan op Hom wat van die hemel af met ons praat nie? 26Destyds het sy stem die aarde laat wankel, maar nou het Hy aangekondig: "Nog een maal sal Ek nie alleen die aarde laat bewe nie, maar ook die hemel." 27Die woorde "nog een maal" laat duidelik blyk dat die geskape dinge, wat reeds aan die wankel is, finaal weggeneem sal word, sodat die onwankelbare dinge kan bly.

28Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil, 29want ons God is 'n verterende vuur.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vandag met jou hart praat.

2. Beklemtoon ('highlight') die dele wat iets beskryf oor wie Jesus of God is.

3. Gee 'n nuwe opskrif aan vandag se Bybelgedeelte in jou eie woorde.

____________________________________

____________________________________

4. Het jy 'n vraag nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Skryf 'n opdrag neer (lewenswyse) wat God aan Sy kinders gee, in die verse.

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 13 EKSODUS 18

## Jetro besoek vir Moses

1Jetro, priester van Midian en skoonpa van Moses, het gehoor wat die Here God alles vir sy volk Israel en vir Moses gedoen het toe die Here die Israeliete uit Egipte bevry het. 2Toe Moses sy vrou Sippora destyds teruggestuur het, het sy skoonpa Jetro haar 3en haar twee seuns in sy huis geneem. Die naam van die een seun was Gersom , “want,” het Moses gesê, “ek woon as vreemdeling in 'n vreemde land.” 4Die naam van die ander was Eliëser , “want,” het Moses gesê, “die God van my voorvaders het my gehelp: Hy het my gered toe die farao my wou doodmaak.”

5Jetro, Moses se skoonpa, het met Moses se seuns en sy vrou na hom toe gegaan waar hy in die woestyn by die berg van God kamp opgeslaan het. 6Jetro het toe vir Moses laat weet: “Ek is jou skoonpa Jetro. Ek kom na jou toe met jou vrou en jou twee seuns.”

7Moses het toe sy skoonpa gaan ontmoet en voor hom gebuig en hom met 'n soen gegroet. Nadat hulle vir mekaar gevra het hoe dit gaan, het hulle in Moses se tent ingegaan. 8Daar het Moses vir sy skoonpa alles vertel wat die Here aan die farao en aan Egipte gedoen het ter wille van Israel, en ook van al die ontberings wat die Israeliete op pad gehad het en hoe die Here hulle bevry het. 9Jetro was bly om te hoor van al die goeie dinge wat die Here vir Israel gedoen het toe Hy hulle uit Egipte se mag bevry het.

10-11Toe het Jetro gesê: “Aan die Here kom die lof toe! Dit is Hy wat julle bevry het uit die mag van Egipte en die farao. Nou besef ek dat die Here groter is as enige ander god, want toe die Egiptenaars vermetel teen die volk van die Here opgetree het, het Hy hulle uit Egipte se mag bevry.”

12Jetro, Moses se skoonpa, het brandoffers en ander diereoffers vir God gebring, en daarna het Aäron en al die Israelitiese leiers gekom om saam met Moses se skoonpa aan die offermaaltyd deel te neem.

13Toe Moses die volgende dag gaan sit om hofsake te verhoor, het daar van die oggend af tot die aand toe mense vir hom gestaan en wag. 14Maar toe sy skoonpa sien wat Moses alles vir die volk doen, het hy gesê: “Waarom doen jy die volk dit aan? Waarom tree net jý op as regter, en al die mense moet van die môre af tot die aand toe vir jou staan en wag?”

15Moses het sy skoonpa geantwoord: “Die volk kom na my toe om na die wil van God te vra. 16As hulle in sake betrokke raak, kom hulle na my toe. Ek lewer dan uitspraak oor die geskille tussen hulle en maak terselfdertyd God se voorskrifte en wette aan hulle bekend.”

17Maar Moses se skoonpa sê vir hom: “Jy maak nie reg nie. 18Jy en al hierdie mense by jou sal totaal uitgeput raak. Die werk is te veel vir jou. Jy kan dit nie alleen behartig nie. 19Luister nou na my raad en mag God jou bystaan! Jy moet die volk se verteenwoordiger by God wees en alle sake voor Hom bring. 20Druk die volk die voorskrifte en wette op die hart, leer hulle die pad wat hulle moet loop en wat hulle moet doen. 21Verder moet jy onder die volk bekwame manne uitsoek, dienaars van die Here, mense wat die waarheid liefhet en nie hulle eie voordeel soek nie. Dan moet jy hulle oor die volk aanstel as leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien. 22Hulle moet deurentyd vir die volk hofsittings hou. Die belangrike sake moet na

jóú verwys word, en die geringes moet húlle oplos. Dit sal vir jou makliker wees as hulle die verantwoordelikheid saam met jou dra. 23As God jou beveel om dit so te doen, sal jy met die werk kan aanhou, en al hierdie mense sal dan tevrede huis toe gaan."

24Moses het na sy skoonpa geluister en gedoen wat hy gesê het. 25Moses het bekwame manne uit Israel gekies en hulle aangestel as hoofde oor die volk: leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien. 26Hulle het deurentyd hofsittings gehou. Die belangrike sake is na Moses verwys, en die geringes is deur die leiers verhoor.

27Moses het toe afskeid geneem van sy skoonpa, en sy skoonpa is terug na sy eie land toe.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') 'n goeie voorstel wat Jetro aan Moses gemaak het.

3. Skryf 'n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer ('n prentjie van te maak).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat voel jy, wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________


___________________________________

6. Hoe dink jy kan jy Moses of Jetro se voorbeeld (vanuit hierdie verse) navolg en op watse wyse kan jy dit doen?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 14 2 PETRUS 3

### Die wederkoms van die Here en die oordeelsdag

1Geliefdes, dit is al die tweede brief wat ek aan julle skrywe. In albei het ek geprobeer om julle weer helder te laat dink deur julle te herinner aan 2die woorde wat vroeër deur die heilige profete verkondig is, asook aan die gebod van die Here en Verlosser wat deur julle apostels aan julle oorgedra is.

3Veral moet julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word. Hulle sal spot 4en sê: "En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? Ons vaders is al dood, en tog bly alles nog net soos dit was van die begin van die skepping af." 5Hiermee vergeet hulle moedswillig dat daar lank gelede 'n hemel en 'n aarde was wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het. 6En dit is ook deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstroom is en vergaan het. 7Maar die hemel en die aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur, ook deur die woord van God, en word in stand gehou tot op die dag waarop die goddelose mense veroordeel en verdelg sal word.

8Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. 9Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.

10Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan. 11Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe. 12Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor, die dag waarop die hemel in vlamme sal vergaan en die hemelliggame sal brand en wegsmelt. 13Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers.

14Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, moet julle julle daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe. 15En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word. So het ons geliefde broer Paulus immers ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskrywe. 16Hy skryf dit ook in al sy briewe waarin hy oor hierdie saak handel. Daar is dinge in sy briewe wat moeilik is om te verstaan. Oningeligte en onstandvastige mense gee daaraan 'n verkeerde uitleg, soos hulle trouens ook doen met die res van die Skrif, en dit tot hulle eie ondergang.

17Geliefdes, julle weet dit nou vooruit. Wees dus op julle hoede dat julle nie meegesleep word deur die dwaling van beginsellose mense en so van julle eie standvastigheid beroof word nie. 18Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

Aan Hom behoort die heerlikheid, nou en tot in ewigheid! Amen.

1. Verhelder 'n vers of twee in kleur wat vir jou uitstaan en met jou hart praat.

2. Skryf 'n vers of sin neer, wat jy glo die hele Skrifgedeelte opsom.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3. Wat kom jy vir die eerste keer agter nadat jy hierdie stuk gelees het of wat besef jy opnuut nadat jy hierdie Skrif deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________


4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Trek 'n sirkel om die verse wat waarhede beskryf ,oor die laaste dae voor Jesus weer kom  (hoe mense al optree in daardie tyd).



## Dag 15

### SPREUKE 16

1'n Mens kan sy voornemens hê, maar die laaste woord daaroor kom van die Here af.

2In sy eie oë is alles wat 'n mens doen, reg, maar die Here ondersoek die gesindheid.

3Laat wat jy doen, aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk.

4Die Here het alles gemaak met 'n doel, ook die goddelose vir die dag van straf.

5Die Here het 'n afsku van 'n verwaande mens; dit staan vas: so 'n mens sal nie ongestraf bly nie.

6Liefde en trou bring versoening waar daar verkeerd gehandel is; kwaad word vermy deur die Here te dien.

7As die Here tevrede is met 'n mens se lewe, laat Hy selfs so 'n mens se vyande in vrede met hom lewe.

8Liewer min hê en reg lewe as baie inkomste hê deur onreg.

9'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop.

10As die koning praat, is dit met Goddelike gesag; as hy uitspraak lewer, maak hy nie fout nie.

11Die norme vir die regspraak kom van die Here af; Hy bepaal die maatstawwe.

12Konings het 'n afsku van verkeerde dade, want 'n troon word deur regverdigheid bestendig.

13Eerlike mense geniet die koning se goedgesindheid; hy hou van mense wat die waarheid praat.

14Die woede van die koning dra die boodskap van die dood; 'n wyse mens bring dié woede tot bedaring.

15As die koning vriendelik is, is jy seker van jou lewe; sy goedgesindheid is soos 'n wolk wat lentereëns bring.

16Probeer liewer wysheid bekom as goud, liewer insig as silwer.

17Opregte mense vermy die kwaad op hulle lewensweg; wie nougeset lewe, hou homself in die lewe.

18Op hoogmoed volg ondergang, op selfverheffing volg die val.

19Liewer eenvoud saam met nederiges as om saam met hoogmoediges van roof te lewe.

20Wie ag gee op die woorde van die Here, sal voorspoed geniet; wie op die Here vertrou, met hom gaan dit goed.

21'n Mens wat met wysheid bedeel is, word verstandig genoem, en as hy sy woorde reg kies, kan hy ook ander leer.

22Insig is 'n bron van lewe vir wie dit het; onderrig deur dwase bly dwaasheid.

23'n Wyse mens praat verstandig en kies sy woorde so dat hy ander kan leer.

24Aangename woorde is heuning, soet en geneeskragtig vir die mens.

25Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood.

26'n Werker se honger laat hom werk, sy behoefte aan kos dryf hom.

27'n Kwaadwillige mens bring net teenspoed; wat hy sê, is soos 'n verterende vuur.

28Iemand wat die waarheid verdraai, veroorsaak twis, iemand wat skinder, bring verwydering tussen vriende.

29Iemand wat niks ontsien nie, mislei sy naaste en laat hom 'n verkeerde pad loop.

30Wie met sy oog knik, wil die waarheid verdraai; wie sy lippe saampers, is vasbeslote oor 'n boosheid.

31Ouderdom is 'n sierlike kroon; dit word bereik deur dié wat reg lewe.

32'n Geduldige mens het meer waarde as 'n bedrewe vegter,'n mens met selfbeheersing meer as iemand wat 'n stad inneem.

33Mense kan loot, maar die Here bepaal hoe dit uitkom.

1. Kleur 'n paar verse of sinne in wat jou hart aanraak.

2. Beskryf (in een sin) die hoof doel of kerngedagte van Salomo (die skryfwer van Spreuke) toe hy hierdie stuk geskryf het.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

3. Skryf 'n vers neer wat 'n waarheid oor God beskryf (wie Hy is/ hoe Hy optree).

________________________________________

________________________________________

________________________________________

4. Skryf 'n mooi karaktereienskap(pe) van God neer wat jy opmerk in hierdie Skrifgedeelte.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

5. Wat het jy nuut geleer vanuit hierdie verse vandag?

________________________________________

________________________________________

________________________________________


6. Beskryf 'n paar optredes van 'n wyse mens.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________



# Dag 16 JOSUA 1

### Die opdrag aan Josua

1Na die dood van Moses, die dienaar van die Here, het die Here vir Josua, seun van Nun en assistent van Moses, gesê: 2“Moses my dienaar is dood. Maak jy nou gereed en trek deur die Jordaanrivier, jy en hierdie hele volk. Gaan na die land toe wat Ek aan hulle, die Israeliete, gee. 3Soos Ek vir Moses gesê het, gee Ek aan julle elke plek waar julle kom: 4van die woestyn af en van die Libanon af tot aan die groot rivier, die Eufraat, die hele gebied van die Hetiete tot aan die Groot See in die weste, alles sal julle woongebied wees.

5“Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie. 6Wees sterk, wees vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het.

7“Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan. 8Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. 9Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”

### Josua se bevele aan die volk

10Josua het die beamptes van die volk beveel: 11“Gaan die kamp deur en sê vir die mense: Maak vir julle padkos gereed, want oor drie dae trek julle deur die Jordaan en gaan julle die land in besit neem wat die Here julle God julle as besitting gee.”

12Vir die stamme Ruben en Gad en vir die halwe Manassestam het Josua gesê: 13“Julle onthou die woorde van Moses die dienaar van die Here. Hy het vir julle gesê: ‘Die Here julle God sal vir julle 'n vaste woonplek gee; Hy sal julle hierdie gebied gee.’ 14Julle vrouens en kinders en julle vee kan in die gebied aan hierdie kant van die Jordaan bly wat Moses aan julle toegeken het, maar julle, elke weerbare man, moet in formasie voor julle volksgenote uit optrek en hulle help. 15Eers nadat die Here aan julle volksgenote 'n vaste woonplek gegee het soos vir julle, en hulle ook die gebied in besit geneem het wat die Here julle God aan hulle gee, kan julle terugkom. Dan kan julle julle eie gebied wat Moses die dienaar van die Here aan julle oos van die Jordaan toegeken het, in besit neem.”

16Hulle het Josua geantwoord: “Ons sal alles doen wat u ons opdra, ons sal gaan waar u ons ook al stuur. 17Soos ons aan Moses gehoorsaam was, so sal ons aan u gehoorsaam wees. Mag die Here u God by u wees soos Hy by Moses was. 18Elke man wat hom teen u bevele verset en nie gehoorsaam is aan al die bevele wat u gee nie, sal doodgemaak word. Wees u net sterk en vasberade.”

**1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.**



2. Kleur al die opdragte in ('highlight') waar God vir Josua bemoedig.

3. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Wat dink jy wil God vir jou leer of bewus van maak deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Beskryf 'n karaktereienskap van Josua wat jy bewonder.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Beskryf 'n karaktereienskap van God wat jy in hierdie verhaal optel.

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 17 MARKUS 6:1-34

### Jesus word in Nasaret verwerp

1Jesus het daarvandaan weggegaan. Hy het in die dorp gekom waar Hy grootgeword het, en sy dissipels was saam met Hom. 2En toe die sabbatdag aanbreek, het Hy die mense in die sinagoge begin leer. Baie het na Hom geluister en is deur sy woorde aangegryp. Hulle het vir mekaar gesê: "Waar kom hy aan al hierdie dinge, en watter besondere gawe van wysheid het hy dat daar sulke kragtige dade deur sy hande plaasvind? 3Is hy dan nie 'n timmerman, 'n seun van Maria en die broer van Jakobus, Joses, Judas en Simon nie? En is dit dan nie sy susters wat hier by ons woon nie?"

Die mense wou niks van Hom weet nie.

4Jesus sê toe vir hulle: "'n Profeet word oral erken behalwe in die plek waar hy grootgeword het, en in sy familiekring en sy gesin."

5Hy kon daar geen enkele wonderwerk doen nie, behalwe dat Hy sy hande op 'n paar siekes gelê en hulle gesond gemaak het. 6Hy was verbaas oor die ongeloof van die mense.

Daarna het Hy by die dorpies in die omtrek rondgegaan en die mense daar geleer.

### Jesus stuur die twaalf uit

7Jesus het die twaalf nader geroep en hulle twee-twee begin uitstuur. Hy het aan hulle mag oor onrein geeste gegee. 8Verder het Hy hulle bevel gegee om niks vir die pad saam te vat nie, net 'n kierie – geen kos, geen reissak, geen geld in die beursie nie. 9Hulle moes wel skoene aantrek maar nie nog 'n kledingstuk saamvat nie. 10Daarby het Hy vir hulle gesê: "Waar julle in 'n plek kom en in 'n huis ontvang word, bly daar totdat julle van die plek af weggaan. 11En as 'n plek julle nie wil ontvang en die mense nie na julle luister nie, gaan dan daarvandaan weg en skud selfs die stof onderaan julle voete af as aanklag teen hulle."

12Hulle het toe gaan verkondig dat die mense hulle moet bekeer. 13Daarby het hulle baie bose geeste uitgedrywe en baie siekes met olie gesalf en gesond gemaak.

### Verskillende menings oor Jesus

14Koning Herodes het van Jesus gehoor, want sy Naam het bekend geraak. Party mense het gesê: "Johannes die Doper is uit die dood opgewek. Daarom werk die kragte in hom."

15En party het gesê: "Dit is Elia."

Ander het gesê: "Hy is 'n profeet soos een van die ou profete."

16Toe Herodes dit dan hoor, het hy gesê: "Die Johannes wat ek onthoof het, is uit die dood opgewek."

### Die dood van Johannes die Doper

17Vroeër het Herodes self gestuur en Johannes laat vang. Hy het hom in die tronk opgesluit op aandrang van Herodias die vrou van sy broer Filippus. Herodes het met haar getrou, 18en Johannes het vir hom gesê: "U mag nie u broer se vrou vat nie."

19Herodias het daarna 'n wrok teen hom gekoester en wou hom laat doodmaak, maar sy kon nie, 20want Herodes was bang vir Johannes omdat hy besef het dat hy 'n opregte en godvresende man is. Hy het vir Johannes onder sy beskerming geneem en elke keer wanneer hy hom aangehoor het, het hy in 'n ernstige tweestryd geraak. Tog het hy graag na hom geluister.

21Op 'n dag het Herodias 'n goeie kans gekry. Toe Herodes op sy verjaarsdag vir sy hoofamptenare en die opperbevelhebbers en die hoëlui van Galilea 'n feesmaal gegee het, 22het die dogter van Herodias daar ingekom en vir hulle gedans. Dit het groot byval by Herodes en sy gaste gevind. Die koning het toe vir die meisie gesê: "Vra my net wat jy wil hê, en ek sal dit vir jou gee."

23Daarby het hy dit herhaaldelik met 'n eed vir haar bevestig: "Net wat jy my vra, sal ek vir jou gee, tot selfs die helfte van my koninkryk."

24Sy het toe uitgegaan en vir haar ma gesê: "Wat moet ek vra?"

Dié het gesê: "Die kop van Johannes die Doper."

25Sy het haastig reguit na die koning toe geloop en vir hom gevra: "Ek wil hê u moet vir my dadelik in 'n skottel die kop gee van Johannes die Doper."

26Die koning was baie verslae, maar omdat hy dit voor die gaste met 'n eed belowe het, wou hy haar dit nie weier nie. 27Hy het dadelik iemand van sy lyfwag opdrag gegee en hom gestuur om Johannes se kop te gaan haal. Hy het hom in die tronk gaan onthoof, 28sy kop in 'n skottel gebring en dit vir die meisie gegee, en die meisie het dit vir haar ma gegee.

29Toe Johannes se volgelinge daarvan hoor, het hulle gekom en sy lyk weggeneem en begrawe.

### Die twaalf apostels kom terug

30Die apostels het na Jesus toe teruggekom en vir Hom alles vertel wat hulle gedoen en wat hulle die mense geleer het. 31Daar was baie mense wat gedurig gekom en gegaan het, sodat Jesus en sy dissipels selfs nie kans gehad het om iets te eet nie. Hy sê toe vir hulle: "Kom julle alleen saam na 'n stil plek toe en rus 'n bietjie."

32Hulle het met 'n skuit na 'n stil plek toe vertrek waar hulle alleen kon wees. 33Baie mense het hulle egter gesien en agtergekom waarheen hulle gaan. Hulle het vinnig van al die dorpe af te voet daarheen gegaan en nog voor Jesus en sy dissipels daar aangekom. 34Toe Jesus uit die skuit klim, het Hy 'n groot menigte mense daar gesien en Hy het hulle innig jammer gekry, want hulle was soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hy het hulle toe baie uitvoerig begin leer.

1. Omkring 'n vers of twee wat jou oog gevang het soos jy daardeur gelees het.

2. Beklemtoon in kleur ('highlight') al Jesus se woorde.

3. Skryf 'n sin of twee neer wat jy glo die Skrifgedeelte opsom of saamvat.

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Waarvan het jy vandag opnuut bewus geword ?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Waaroor was Jesus verbaas? Dink jy hierdie eienskap kom vandag nog tussen mense voor? Verduidelik jou antwoord.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 18 LEVITIKUS 26

### Seën en straf

1"Julle mag vir julle geen gode maak nie.
Julle mag geen beelde of klippilare oprig
nie. Julle mag in julle land geen klippe met
afbeeldings hê wat deur julle vereer word
nie. Ek, die Here, is julle God. 2Julle moet
my sabbatte vier en eerbied hê vir my
heiligdom. Ek is die Here.

3"As julle my voorskrifte nakom, my
gebooie gehoorsaam en daarvolgens
lewe, 4sal Ek vir julle reën gee op die regte
tyd, sodat die lande oeste sal lewer en die
bome vrugte sal dra. 5Julle sal graan dors
tot dit weer tyd is om vrugte te oes, en julle
sal vrugte oes tot dit weer planttyd is. Julle
sal oorgenoeg kos hê en sonder sorge in
julle land woon. 6Ek sal vrede gee in die
land sodat julle rustig kan slaap: Ek sal die
ongediertes uitroei en daar sal nie oorlog in
julle land kom nie. 7Julle sal julle vyande
verdryf en om die lewe bring. 8Net vyf van
julle soldate sal honderd van die vyand op
loop jaag, en net honderd van julle sal tien
duisend op loop jaag. Julle sal hulle om die
lewe bring. 9Ek sal vir julle goed wees en
julle vrugbaar maak sodat julle 'n groot
nasie sal word. So sal Ek my verbond met
julle nakom. 10Julle sal nie eens 'n vorige
seisoen se graan kan opgebruik nie, julle sal
dit moet weggooi om plek te maak vir die
nuwe oes. 11Ek sal by julle woon en nie 'n
afsku van julle hê nie. 12Ek sal by julle bly
en julle God wees, en julle sal my volk
wees. 13Ek is die Here julle God wat julle uit
Egipte laat trek het sodat julle nie meer sy
slawe hoef te wees nie. Ek het die juk wat
julle moes dra, gebreek en julle vrygemaak.

14"As julle egter nie na My luister nie en nie
alles doen wat Ek julle beveel het nie, 15as
julle my voorskrifte en bepalings verwerp
en met minagting behandel, sodat julle nie
my bevele nakom nie en my verbond
verbreek, 16sal Ek die volgende doen: Ek sal
julle lewens vol angs maak. Julle sal
geteister word deur tering en koors, siektes
wat 'n mens blind maak en jou laat
wegkwyn. Julle sal tevergeefs saai, want
julle vyande sal julle oeste opeet. 17Ek sal
my rug vir julle draai sodat julle deur julle
vyande verpletter sal word. Julle haters sal
dit vir julle so ondraaglik maak dat julle sal
vlug al word julle nie agtervolg nie.

18"As julle ná al hierdie dinge nog nie na My
luister nie, sal Ek julle nog swaarder straf
oor julle sondes: 19Ek sal alles waarop julle
staatmaak, laat verdwyn. Daar sal geen
druppel reën val nie: dit sal wees asof die
hemel van yster en die grond van brons
is. 20Julle sal julle kragte tevergeefs inspan:
daar sal geen oes op julle lande wees nie,
en julle bome sal geen vrugte dra nie.

21"As julle My bly teenstaan en nie na My
wil luister nie, sal Ek julle nóg swaarder
straf, soos julle verdien oor julle
sondes: 22Ek sal roofdiere tussen julle
loslaat, en hulle sal julle kinders vang en
julle veetroppe uitroei. Hulle sal julle só
uitdun dat die paaie verlate sal wees.

23"As dit julle nie tot ander insigte bring nie
en julle My nog bly teenstaan, 24sal Ek júlle
ook teenstaan. Ek sal julle nog swaarder
straf oor julle sondes: 25Ek sal 'n oorlog oor
julle bring. Dit sal die wraak wees oor julle
ontrou aan my verbond. As julle veiligheid
soek in julle stede, sal Ek pes onder julle
loslaat sodat julle sal móét oorgee. 26Ek sal
julle meel so min laat word dat tien vrouens
saam net genoeg sal hê vir een baksel. Die
stukkie wat vir elkeen afgeweeg word, sal
nie julle honger kan stil nie.



27“As julle hierna nóg nie na My luister nie en My nog steeds teenstaan, 28sal Ek julle in woede teenstaan. Ek sal julle nóg swaarder straf oor julle sondes: 29julle sal die vleis van julle eie kinders moet eet! 30Ek sal julle hoogtes verwoes en julle wierookaltaartjies vernietig. Ek sal so 'n afsku van julle hê dat Ek julle lyke bo-op julle lewelose afgodsbeelde sal gooi. 31Ek sal puinhope maak van julle stede, Ek sal julle heiligdomme verwoes, Ek sal geen offer van julle aanvaar nie. 32Ek sal die land só verniel dat julle vyande wat daarin gaan woon, daaroor verstom sal staan. 33Vir júlle sal Ek met die swaard uitmekaar laat jaag en julle onder die heidennasies verstrooi. Julle land sal verlate wees en julle stede puinhope. 34Wanneer die land dan verlate lê en julle in julle vyande se gebied is, sal die grond uiteindelik sy verdiende rusjare kry. Dan sal die land rus en die verlore sabbatsjare inhaal. 35So lank as die land verlate is, sal dit die rus kry wat dit om die sewe jaar moes gehad het maar nooit gekry het toe julle dit bewoon het nie. 36Dié van julle wat oorbly, sal Ek in die lande van hulle vyande in so 'n spanning laat leef dat die geritsel van 'n droë blaar hulle op die loop sal jaag. Hulle sal hardloop tot hulle neerslaan, asof iemand met 'n swaard agter hulle aan is, maar daar sal niemand wees nie! 37Die vrees vir oorlog sal hulle oormekaar laat val om weg te kom van agtervolgers wat nie bestaan nie.

“Julle sal geen krag hê om weerstand te bied teen julle vyande nie! 38Julle sal tussen die heidennasies omkom, in die land van julle vyande sal julle sterf.

39“Dié van julle wat daarna nog oor is, sal in die lande van julle vyande wegkwyn onder die selfverwyt oor hulle sonde. Hulle sal ook wegkwyn onder die wroeging oor die sondes van hulle voorvaders. 40Hulle sal húlle sonde en dié wat hulle voorvaders teen My begaan het, bely. Hulle sal erken dat hulle My teengestaan het, 41dat Ek hulle ook teengestaan het en hulle na hulle vyande se land toe gevat het om te sien of hulle dan oor hulle ongehoorsaamheid berou sal kry en hulle skuld sal erken. 42Wanneer hulle dit doen, sal Ek die beloftes wat Ek aan Jakob, aan Isak en aan Abraham gegee het, weer van krag maak. Ek sal my beloftes oor die land weer van krag maak. 43Maar die land sal eers sonder sy mense verlate moet lê om die verlore rusjare in te haal. Húlle sal hulle skuld moet erken, dat hulle my bepalings verwerp het en my voorskrifte met minagting behandel het.

44“En tog, al sou hulle ballinge word in die land van hulle vyande, sal Ek hulle nie so verwerp, so minag, dat hulle heeltemal sal verdwyn en dat my verbond met hulle tot niet sal gaan nie, want Ek is die Here hulle God. 45Ek sal die belofte aan hulle voorouers wat Ek voor die oë van die nasies uit Egipte laat trek het, weer van krag maak, die belofte dat Ek hulle God sal wees. Ek is die Here.”

46Die voorafgaande is die voorskrifte, bepalings en wette wat die Here deur Moses op Sinaiberg gegee het oor die verhouding tussen die Here en die Israeliete.

**1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

**2. Kleur verse in (‘highlight’) wat beskryf wie God is.**

3. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees of net weer opnuut van bewus geword het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

__________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou sê deur hierdie Skrifgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Van watter karaktereienskap van God word jy bewus terwyl jy deur die verse lees?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 19 JOHANNES 1:1-42

### Die Woord het mens geword

1In die begin was die Woord daar, en die
Woord was by God, en die Woord was self
God. 2Hy was reeds in die begin by
God. 3Alles het deur Hom tot stand gekom:
ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het
sonder Hom tot stand gekom nie. 4In Hom
was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die
mense. 5Die lig skyn in die duisternis, die
duisternis kon dit nie uitdoof nie.

6Daar was 'n man wat deur God gestuur is.
Sy naam was Johannes. 7Hy het gekom om
te getuig; hy moes getuig van die lig, sodat
almal deur hom tot geloof kon kom. 8Hy
was self nie die lig nie, maar hy moes van
die lig getuig.

9Die ware lig wat elke mens verlig, was aan
kom na die wêreld toe. 10Hy wás in die
wêreld – die wêreld het deur Hom tot stand
gekom – en tog het die wêreld Hom nie
erken nie. 11Hy het na sy eiendom toe
gekom, en tog het sy eie mense Hom nie
aangeneem nie. 12Maar aan almal wat
Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo,
het Hy die reg gegee om kinders van God te
word. 13Hulle is dit nie van nature nie, nie
deur die drang van 'n mens of die besluit
van 'n man nie, maar hulle is uit God
gebore.

14Die Woord het mens geword en onder
ons kom woon. Ons het sy heerlikheid
gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste
Seun van die Vader het, vol genade en
waarheid.

15Johannes getuig van Hom en roep uit:
"Dit is Hy wat ek bedoel het toe ek gesê het:
Hy wat ná my kom, is my vóór, want Hy was
voor my reeds daar."



16Uit sy oorvloed het ons almal genade op
genade ontvang. 17God het die wet deur
Moses gegee; die genade en die waarheid
het deur Jesus Christus gekom. 18Niemand
het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun,
self God, wat die naaste aan die Vader is, dié
het Hom bekend gemaak.

### Die getuienis van Johannes die Doper

19Die Jode het priesters en Leviete van
Jerusalem af na Johannes toe gestuur om
hom te vra: "Wie is jy?"

Toe het hy hierdie getuienis afgelê 20en dit
duidelik en ondubbelsinnig gestel en
openlik verklaar: "Ek is nie die Christus nie."

21Hulle vra hom toe: "Wie is jy dan? Is jy
Elia?"

"Nee, ek is nie," sê hy.

"Is jy dan die Profeet?"

"Nee!" het hy geantwoord.

22"Nou maar wie is jy dan? Ons moet 'n
antwoord gaan gee aan dié wat ons gestuur
het," sê hulle vir hom. "Wat het jy oor
jouself te sê?"

23Hy antwoord toe:

"Ek is die een wat in die woestyn roep:

Maak die pad vir die Here reguit."

Dit is soos die profeet Jesaja gesê het.

24Daar was Fariseërs onder dié wat gestuur
is, 25en hulle het vir hom gevra: "Nou maar
waarom doop jy dan as jy nie die Christus is
nie en ook nie Elia nie en ook nie die Profeet
nie?"

26Johannes het hulle geantwoord: "Ek
doop met water, maar tussen julle staan
daar Iemand vir wie julle nie ken nie. 27Dit
is Hy wat ná my kom, wie se skoene ek nie
werd is om los te maak nie."

28Dit het oorkant die Jordaan in Betanië gebeur, waar Johannes besig was om te doop.

### Die Lam van God

29Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! 30Dit is Hy wat ek bedoel het toe ek gesê het: ‘Ná my kom daar 'n Man wat my vóór is, want Hy was voor my reeds daar.’ 31Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar ek het gekom en ek doop met water sodat Hy aan Israel bekend gestel kan word.”

32Verder het Johannes getuig: “Ek het duidelik die Gees soos 'n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly. 33Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: ‘Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.’ 34Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God.”

### Die eerste dissipels

35Die volgende dag het Johannes weer daar gestaan, met twee van sy volgelinge by hom. 36Toe Jesus verbyloop, het Johannes stip na Hom gekyk en gesê: “Dáár is die Lam van God!”

37Die twee het hom dit hoor sê en hulle het Jesus gevolg. 38Toe Jesus omkyk en sien dat hulle Hom volg, vra Hy vir hulle: “Wat soek julle?” en hulle het Hom geantwoord: “Rabbi” – dit beteken leermeester – “waar gaan U tuis?”

39Hy sê toe vir hulle: “Kom saam, dan sal julle sien.”

Hulle het toe gegaan en gesien waar Hy tuis gaan. Dit was omtrent vieruur die middag, en hulle het die res van die dag by Hom gebly.

40Andreas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes gehoor en Jesus gevolg het. 41Daarna het hy eers sy broer Simon gaan soek en vir hom gesê: “Ons het die Messias gekry!” Messias beteken Christus.

42Hy het hom na Jesus toe gebring. Jesus het stip na hom gekyk en gesê: “Jy is Simon seun van Johannes; jy sal Sefas genoem word.” Sefas beteken dieselfde as Petrus.

### Filippus en Natanael

43Die volgende dag het Jesus besluit om na Galilea toe te gaan. Hy kry toe vir Filippus en sê vir hom: “Volg My!”

44Filippus was van Betsaida afkomstig, van dieselfde dorp as Andreas en Petrus.

45Filippus kry toe vir Natanael en sê vir hom: “Ons het Hom gekry van wie Moses in die wet geskrywe het en van wie die profete ook geskrywe het. Dit is Jesus van Nasaret, die seun van Josef.”

46Maar Natanael sê vir hom: “Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?”

“Kom kyk,” het Filippus hom geantwoord.

47Toe Jesus vir Natanael na Hom toe sien aankom, sê Hy van hom: “Hier is 'n ware Israeliet, 'n man in wie daar geen bedrog is nie.”

48Natanael vra Hom toe: “Waarvandaan ken U my?”

“Voordat Filippus jou geroep het,” antwoord Jesus hom, “toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou al gesien.”

49Toe roep Natanael uit: “Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!”

50Daarop sê Jesus vir hom: "Glo jy omdat
Ek vir jou gesê het dat Ek jou onder die
vyeboom gesien het? Jy sal nog groter dinge
as dit sien."

51Verder sê Jesus vir hom: "Dit verseker Ek
julle: Julle sal die hemel oop sien en julle sal
die engele van God sien op- en afklim na die
Seun van die mens toe."

1. Onderstreep 'n vers of twee wat jou oog vang.

2. Kleur die verse in ('highlight') wat Johannes se woorde bevat.


3. Skryf 'n opsommende sin neer, wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte beskryf.

4. Waaroor wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte vandag?

6. Wat se karaktereienskap van Jesus, staan vandag vir jou uit?

7. Skryf ander woorde vanuit die Bybelgedeelte van vandag neer, wat ook beskryf 'wie Jesus is'.



# Dag 20 2 KONINGS 2

## Elia word in die hemel opgeneem

1Die tyd het gekom dat die Here vir Elia in 'n stormwind in die hemel sou opneem.

Elia en Elisa het uit Gilgal vertrek, 2en Elia het vir Elisa gesê: "Bly hier, want die Here stuur my na Bet-El toe."

Elisa se antwoord was: "So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie."

Hulle is toe na Bet-El toe. 3Die profete wat in Bet-El was, het na Elisa toe gegaan en hom gevra: "Weet jy dat die Here vandag jou leermeester van jou af gaan wegvat?"

Hy het geantwoord: "Ja, ek weet. Moenie daaroor praat nie."

4Elia sê toe vir Elisa: "Bly hier, want die Here stuur my na Jerigo toe."

Maar Elisa het geantwoord: "So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie."

Hulle het saam in Jerigo aangekom. 5Die profete van Jerigo het na Elisa toe gekom en hom gevra: "Weet jy dat die Here vandag jou leermeester van jou af gaan wegvat?"

Hy het geantwoord: "Ja, ek weet. Moenie daaroor praat nie."

6Elia sê toe vir hom: "Bly hier, want die Here stuur my na die Jordaan toe."

Maar Elisa het geantwoord: "So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie."

Hulle twee is toe saam verder.



7'n Vyftigtal van die profete is agterna en het op 'n afstand gaan staan regoor die plek waar Elia langs die Jordaan gestaan het.

8Elia het sy mantel gevat, dit opgerol en die water daarmee geslaan. Die water het na links en na regs verdeel, sodat hulle twee op droë grond daar deur is. 9Net toe hulle deur is, sê Elia vir Elisa: "Wat wil jy hê moet ek vir jou doen voordat ek van jou af weggevat word?"

Elisa het geantwoord: "Mag daar tog 'n dubbele deel van u gees op my kom!"

10Toe sê Elia: "Dis 'n moeilike ding wat jy vra. As jy my sien wanneer ek van jou af weggevat word, mag dit dan met jou gebeur; maar as jy my nie sien nie, sal dit nie gebeur nie."

11Terwyl hulle gesels-gesels verder gegaan het, was daar skielik 'n wa van vuur met perde van vuur wat hulle twee van mekaar geskei het, en Elia is in 'n stormwind op, die hemel in. 12Toe Elisa dit sien, het hy uitgeroep: "My vader, my vader, u was vir Israel die strydwa met sy ruiters!"

Toe Elisa nie meer vir Elia kon sien nie, het hy sy eie klere gevat en in twee stukke geskeur. 13Hy het die mantel wat van Elia afgeval het, opgetel en weer op die wal van die Jordaan gaan staan. 14Hy het met hierdie mantel wat van Elia afgeval het, op die water geslaan en gesê: "Waar is die Here die God van Elia? Waar is Hy?"

Toe Elisa die water slaan, het dit na links en na regs verdeel sodat hy kon deurgaan. 15Toe die profete van Jerigo wat 'n entjie daarvandaan gestaan het, hom sien, het hulle gesê: "Die gees van Elia rus nou op Elisa."

Hulle het hom tegemoet geloop en voor hom gebuig.

16Hulle sê toe vir hom: "Daar is vyftig
dapper manne onder ons; laat hulle tog u
leermeester gaan soek: dalk het die Gees
van die Here hom opgelig en êrens op 'n
berg of in 'n vallei neergelaat."

Elisa het geantwoord: "Moet hulle nie stuur
nie."

17Maar hulle het by hom bly aandring
totdat hy nie meer kon weier nie, en toe sê
hy: "Stuur hulle dan maar."

Hulle het vyftig man gestuur, maar hoewel
hulle drie dae lank gesoek het, kon hulle Elia
nie kry nie. 18Toe hulle terugkom in Jerigo
waar Elisa oorgebly het, het hy vir hulle
gesê: "Het ek nie vir julle gesê julle moenie
gaan nie?"

### Elisa maak die water van Jerigo bruikbaar

19Die inwoners van die stad het vir Elisa
gesê: "U sien self hoe mooi ons stad geleë
is, maar die water is giftig en die oes uit die
grond veroorsaak misgeboortes."

20Elisa sê toe: "Bring vir my 'n nuwe skottel
en gooi sout daarin." Hulle het dit na hom
toe gevat. 21Hy het uitgegaan na die plek
waar die water uitkom en die sout daar
ingegooi, met die woorde: "So sê die Here:
Ek maak hierdie water bruikbaar sodat dit
nie meer dood of onvrugbaarheid sal
veroorsaak nie."

22Die water is vandag nog bruikbaar, net
soos Elisa gesê het.

### Die seuntjies spot vir Elisa

23Elisa is daarvandaan op na Bet-El toe.
Terwyl hy op pad was daarnatoe, het 'n
klomp klein seuntjies uit die stad gekom en
hom gespot: "Hoër op, kaalkop! Hoër op,
kaalkop!"

24Hy het omgedraai, hulle aangekyk en
hulle vervloek in die Naam van die Here.
Twee bere het uit die bos gekom en twee en
veertig van die kinders verskeur.

25Van Bet-El af is Elisa na Karmelberg toe en
daarvandaan na Samaria toe.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

3. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

4. Hoe kan jy dieselfde as Elia of Elisa optree?



# Dag 21 1 PETRUS 4

### Wie gely het, het met die sonde afgereken

1Omdat Christus dan liggaamlik gely het,
moet julle julle ook met die gedagte wapen
dat wie liggaamlik gely het, met die sonde
afgereken het: 2vir die res van sy aardse
bestaan word sy lewe nie meer beheers
deur menslike begeertes nie, maar deur
die wil van God. 3In die verlede toe julle
nog heidene was, is julle lewe lank genoeg
beheers deur julle heidense begeertes:
losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg-
en drinkpartye en afskuwelike
afgodery. 4Nou vind die heidene dit
vreemd dat julle nie langer met hierdie
stroom van losbandigheid saamgaan nie,
en hulle beswadder julle. 5Hulle sal
rekenskap moet gee aan Hom wat klaar
staan om oor die lewendes en die dooies
te oordeel. 6Daarom is die evangelie
immers ook verkondig aan dié wat nou
dood is sodat, hoewel hulle as mense
onder die oordeel was om na die liggaam
te sterwe, hulle na die gees sou lewe soos
God lewe.

### Dien mekaar met julle gawes

7Die einde van alles is naby. Daarom moet
julle selfbeheers en nugter wees, sodat
julle kan bid. 8Bo alles moet julle mekaar
hartlik liefhê, want die liefde bedek baie
sondes. 9Wees gasvry teenoor mekaar
sonder om te kla. 10As goeie bedienaars
van die veelvoudige genade van God moet
elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang
het, die ander dien. 11As iemand die gawe
ontvang het om te preek, moet God deur
hom aan die woord kom; as dit is om in die
gemeente te dien, moet hy dien met die
krag wat God verleen. So moet julle God in
alles verheerlik deur Jesus Christus, aan
wie die heerlikheid en die krag behoort tot
in alle ewigheid! Amen.

### Om as Christen te ly

12Geliefdes, moenie verbaas wees oor die
vuurproef waaraan julle onderwerp word
nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle
gebeur nie. 13Wees liewer bly hoe meer
julle in die lyding van Christus deel, want
dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy
wederkoms in heerlikheid. 14Geseënd is
julle wanneer julle beledig word ter wille
van die Naam van Christus. Dit is 'n bewys
dat die Gees aan wie die heerlikheid
behoort, die Gees van God, op julle
bly. 15As een van julle ly, moet dit nie wees
omdat hy 'n moordenaar is of 'n dief of 'n
misdadiger of 'n kwaadstoker nie. 16Maar
wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is,
moet hy hom nie daaroor skaam nie.
Inteendeel, as draer van daardie naam
moet hy God verheerlik.

17Die tyd vir die oordeel het aangebreek;
dit begin by die huis van God. En as ook
ons geoordeel word, en dit is nog maar die
begin, wat sal die uiteinde dan wees van
hulle wat nie na die evangelie van God
wou luister nie? 18"As 'n gelowige
beswaarlik gered word, wat word dan van
'n goddelose en 'n sondaar?"

19Daarom moet dié wat ly omdat God dit
wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue
Skepper, en aanhou goed doen.

**1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

**2. Kleur die sinne in ('highlight') wat opdragte beskryf hoe om te lewe as kind van God.**



3. Waaroor wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waarvan dink jy, wil God vir jou bewus maak of wat wil Hy jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie verse gelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 22 MIGA 7

### Maar ek sal vertrou op die Here

1Ellende wag vir my, ek het geword soos 'n land wat afgeoes is, soos die natrossies in die wingerd. Daar is niks om te eet nie, en ek wou graag voorvye gehad het.

2Daar is nie meer 'n gelowige in die land nie, onder die mense kry jy nie 'n opregte nie almal stel strikke om moord te pleeg, hulle maak met vangnette jag op hulle broers.

3Al wat die regeerder vra, is dat hulle goed moet sondig; die regter vra omkoopgeld, die vername praat net oor wat hy begeer. Hulle verdraai alles.

4Die beste onder hulle is soos 'n gifplant, die opregte erger as 'n doringheining. Die dag van jou straf kom, wees op die uitkyk daarvoor! Hulle sal binnekort in verwarring raak.

5Moenie 'n maat vertrou nie, moenie op 'n vriend staatmaak nie, pasop wat jy sê vir die vrou langs wie jy lê.

6Die seun beledig sy pa, die dogter kom in opstand teen haar ma, die skoondogter teen haar skoonma. 'n Man se huismense het sy vyande geword.

7Maar ek sal vertrou op die Here, ek sal wag vir die God wat my red. My God sal my gebed verhoor.

8Moet jou nie oor my verlekker nie, my vyand, al het ek tot 'n val gekom, ek sal weer opstaan, al sit ek in die donker, die Here is my lig.

9Ek sal aanvaar dat die Here my straf in sy toorn, want ek het teen Hom gesondig. Wanneer Hy my saak verhoor en oor my uitspraak lewer, sal Hy weer lig bring in my lewe, sal ek ondervind dat Hy die oorwinning gee.

10My vyand sal dit sien, hy sal deur skaamte oorval word, hy wat vir my vra: “Waar is die Here jou God?” Ek sal op my vyand neersien, hy sal plat getrap word soos modder op die straat.

### U bly nie vir altyd kwaad nie

11Die dag wanneer jou mure herbou word,

dié dag sal jy nie onder die vyand se wet staan nie.

12Dié dag sal hulle na jou toe kom van Assirië af tot by die vestingstede, van die vestingstad af tot by die Eufraat, van die een see af tot by die ander en van die een berg af tot by die ander.

13Die aarde sal verwoes wees oor sy inwoners, oor alles wat hulle gedoen het.

14Pas jou volk op met jou kierie, die kleinvee wat aan jou behoort, wat alleen wei in die Karmelbos. Hulle sal in Basan en Gilead wei soos lank gelede.

15Ek sal jou wonders laat sien soos in die tyd toe jy uit Egipte getrek het.

16Die nasies sal dit sien en teleurgestel staan, al was hulle ook hoe sterk. Hulle sal stilbly, hulle sal hulle doof hou.

17Hulle sal stof eet soos die slange wat op die grond seil, hulle sal bewe en uit hulle wegkruipplekke uitkom na die Here ons God toe. Hulle sal skrik en vir U bang wees.

18Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde, U straf nie die sonde van dié wat uit u volk oorgebly het nie. U bly nie vir altyd kwaad nie, U betoon liefde.

19Hy sal ons weer genade betoon, Hy sal ons sonde tot niet maak,





U sal al hulle sondes in die diepsee gooi.

20U sal getrou wees teenoor Jakob, liefde betoon aan Abraham, soos U in die voortyd aan ons voorvaders met 'n eed beloof het.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan of jou oog vang.

2. Hoe kan jy uit die profeet Miga, se voorbeeld of optrede leer?

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

3. Kleur verse in ('highlight') wat 'n waarheid oor wie God is en hoe Hy optree, beskryf.

4. Wat dink jy is God se boodskap aan jou vanuit hierdie Bybelgedeelte?

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

5. Soos wat jy deur Miga 7 lees, van watter karaktereienskap(e) van God word jy bewus?

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

6. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

7. Noem 'n paar verkeerde optredes wat Miga hier uitwys, wat kinders van God nie moet navolg nie.

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________



# Dag 23 FILIPPENSE 4

1Daarom, my broers, moet julle vas staan en getrou bly aan die Here. Ek het julle baie lief en verlang na julle. Julle is my blydskap en my kroon.

### Die Christelike lewenswandel

2Ek vermaan vir Euodia en ek vermaan vir Sintige om eensgesind te wees in die Here. 3Ja, ek vra jou ook, getroue medewerker, wees hierdie vroue behulpsaam. Hulle het saam met my die stryd gevoer in diens van die evangelie, net soos Klemens ook en my ander medewerkers, wie se name in die boek van die lewe staan.

4Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! 5Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. 6Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

8Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig. 9En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen. En God wat vrede gee, sal by julle wees.

### Dank vir liefdegawes van die gemeente

10Ek was baie bly in die Here dat julle na so 'n lang tyd weer gewys het dat julle nog aan my dink. Nie dat julle my ooit vergeet het nie, julle het net nie die kans gehad om iets te doen nie. 11Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp. 12Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. 13Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee. 14Nietemin het julle goed gedoen deur my in my moeilike omstandighede by te staan.

15Julle in Filippi weet ook dat in die begin van my evangelieprediking, na my vertrek uit Masedonië, geen enkele gemeente behalwe julle 'n aandeel gehad het aan my rekening van inkomste en uitgawe nie. 16Ook toe ek in Tessalonika was, het julle meer as een maal iets vir my behoeftes gestuur. 17Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker. 18Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. 19En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus. 20Aan ons God en Vader behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

### Groete

21Groete aan almal wat aan God behoort deur Christus Jesus. Die broers hier by my stuur vir julle groete. 22Ook al die gelowiges en veral dié wat aan die huis van die keiser verbonde is, stuur vir julle groete. 23Die genade van die Here Jesus Christus sal by julle wees.



1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') 'n paar vers(e) wat beskryf hoe God wil hê dat ons, Sy kinders moet lewe.

3. Skryf iets neer waarvan jy vandag opnuut bewus geword het en jy glo God onder jou aandag wil bring.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

__________________________________

___________________________________

___________________________________



5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybel gedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Vanuit die Skrifgedeelte, skryf 'n vers neer wat jy wil memoriseer of vir altyd wil onthou.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

# Dag 24 DEUTERONOMIUM 6

## Jy moet die Here jou God liefhê

1“Dit is die wet, die voorskrifte en die bepalings, wat die Here julle God my beveel het om vir julle te leer, sodat julle daarvolgens kan lewe in die land wat julle in besit gaan neem.

2“So sal jy die Here jou God jou lewe lank kan dien en gehoorsaam wees aan sy voorskrifte en gebooie wat ek jou gegee het, jy en jou hele nageslag, en dan sal jy 'n lang lewe hê. 3As jy luister, Israel, en as jy gehoorsaam is en lewe volgens my gebooie, sal jy voorspoedig wees en uitermate baie word in die land wat oorloop van melk en heuning. Dit is wat die Here die God van jou voorvaders jou beloof het.

4“Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. 5Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.

6“Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. 8Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. 9Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.

10“Die Here jou God sal jou bring in die land waarvan Hy met 'n eed aan jou voorvaders Abraham, Isak en Jakob beloof het om vir jou groot en mooi stede te gee wat jy nie gebou het nie, 11huise vol voorrade waarvoor jy nie gewerk het nie, putte wat jy nie uitgekap het nie, wingerde en olyfboorde wat jy nie geplant het nie, en jy sal kos in oorvloed hê. 12Maar sorg dat jy nie dan die Here vergeet wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het nie. 13Jy moet die Here jou God eer en dien en net in sy Naam 'n eed aflê.

14“Jy mag nie ander gode aanhang nie, ook nie gode van die volke in jou omgewing nie, 15want die Here jou God eis onverdeelde trou aan Hom. Hy is by jou, en as jy ander gode aanhang, sal sy toorn teen jou ontvlam en sal Hy jou van die aarde af wegvee.

16“Julle mag nie die geduld van die Here julle God op die proef stel soos julle by Massa gedoen het nie. 17Julle moet die gebooie van die Here julle God, sy verordeninge en sy voorskrifte, wat Hy jou gegee het, stiptelik gehoorsaam.

18“Doen wat reg is in die oë van die Here, sodat dit goed kan gaan met jou en dat jy die goeie land wat die Here met 'n eed aan jou voorvaders beloof het, kan ingaan en in besit neem, 19dat jy al jou vyande kan verdryf soos die Here belowe het.

20“Wanneer jou seun jou in die toekoms vra: Wat beteken die verordeninge en die voorskrifte en die bepalings wat die Here ons God vir u gegee het? 21moet jy hom antwoord: Ons was in Egipte die farao se slawe, en die Here het ons daar deur sy magtige dade bevry 22toe Hy voor ons oë tekens en groot wonderdade gedoen het en rampe oor Egipte laat kom het, oor die farao en sy hele huis. 23Maar vir ons het die Here daarvandaan laat wegtrek om ons in hierdie land te bring en dit vir ons te gee soos Hy aan ons voorvaders met 'n eed belowe het. 24Die Here het ons beveel om volgens al hierdie voorskrifte te lewe en om die Here ons God te dien, sodat dit altyd goed kan gaan met ons en sodat ons kan bly lewe soos dit nou die geval is. 25Ons sal die wil van die Here ons God doen as ons hierdie

hele wet in sy teenwoordigheid gehoorsaam en daarvolgens lewe soos Hy ons beveel het."

1. Omkring 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Verhelder, in kleur, opdragte wat God aan Sy kinders gegee het in die teksverse.

3. Skryf 'n belofte neer wat God aan sy kinders gee, wat vandag nog vir jou waar is en geld.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie 'n antwoord te hê nie).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelverse?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Vanuit die Skrifgedeelte van vandag, skryf 'n waarheid oor wie God is neer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 25 PSALMS 27

## Die Here is my lig en my redder

1Van Dawid.

Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?

2As misdadigers op my afstorm om my dood te maak, my teëstanders en my vyande, dan is dit juis húlle wat struikel en val.

3Al sou 'n leër teen my stelling inneem, sal ek nie bang word nie.

Selfs al sou die aanval op my begin, sal ek nog steeds vertroue hê.

4Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.

5Op die dag van gevaar sal die Here my wegsteek in sy huis, my veilig laat skuil in sy woonplek, my hoog op 'n rots laat staan;

6ek sal in sy woonplek onder trompetgeklank my offers bring, ek sal 'n lied sing, ek sal sing tot die eer van die Here terwyl ek neerkyk op die vyande rondom my.

7Luister tog na my, Here, as ek roep; wees my genadig en verhoor my gebed.

8Ek onthou wat U gesê het: "Julle moet My kom dien!" Ek is hier om U te dien, Here.

9Moet U tog nie vir my verberg nie, moet my tog nie wegstuur terwyl U toornig is nie, want U was nog altyd my hulp. Moet my tog nie verstoot en verlaat nie, want U alleen is die God wat my red.

10Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem.

11Leer my u wil, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie.

12Moet my tog nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie, want daar staan vals getuies teenoor my en hulle blaas geweld teen my aan.

13As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie ...!

14Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed!

Ja, vertrou op die Here!

**1. Onderstreep 'n paar verse wat vir jou uitstaan.**

**2. Kleur (highlight) 'n vers in wat jou laat veilig voel.**

**3. Kies 'n vers en verander dit in 'n gebed tot God.**

___________________________________

___________________________________

___________________________________



4. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig ‘n antwoord hierop te hë nie).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 26 JAKOBUS 4

## Waarskuwing teen wêreldliefde en hoogmoed

1Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie? 2Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle. Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. 3As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig. 4Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is. 5Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê? 6Maar die genade wat Hy gee, is nog groter. Daarom sê Hy:

"God weerstaan hoogmoediges,

maar aan nederiges gee Hy genade."

7Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug. 8Nader tot God en Hy sal tot julle nader. Was julle hande, sondaars, en reinig julle harte, huigelaars. 9Bekla julle ellende, treur en huil! Laat julle vrolikheid in rou verander en julle blydskap in droefheid. 10Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog.

## Moenie kwaadpraat nie

11Moenie van mekaar kwaadpraat nie, broers. Hy wat van sy broer kwaadpraat of sy broer veroordeel, praat kwaad van die wet en veroordeel die wet. En as jy die wet veroordeel, handel jy nie meer volgens die wet nie, maar speel jy regter daaroor. 12Daar is egter maar een Wetgewer en Regter, en dit is Hy wat die mag het om te red en te verdelg. Maar jy, wie is jy om regter te speel oor jou naaste?

## Afhanklikheid van God

13Kom nou, julle wat sê: "Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak." 14Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. 15Julle moet eerder sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen." 16Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpratery is verkeerd. 17As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde.

1. **Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

2. **Skryf 'n paar sinne neer wat vir jou leer of 'n opdrag gee oor hoe om te lewe.**

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________



3. Kies ‘n vers en verduidelik hoe jy jou lewe kan rig of verander deur meer so te leef.

___________________________________

___________________________________

___________________________________


4. Is daar iets waarvan jy vandag weer opnuut bewus geraak het? Skryf dit neer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



5. Kies ‘n vers en verander dit in ‘n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ___________

Gebed : ___________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Verduidelik die rede van onbeantwoorde gebede.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

# Dag 27 1 KONINGS 19

## Elia vlug vir Isebel

1Agab het vir Isebel vertel wat Elia alles gedoen het, ook dat hy al die profete om die lewe gebring het. 2Toe het Isebel 'n boodskapper na Elia toe gestuur om vir hom te sê: "Mag die gode my om die lewe bring as ek nie môre teen hierdie tyd met jou gemaak het soos jy met die profete nie."

3Elia het bang geword en ter wille van sy lewe gevlug. Toe hy by Berseba in Juda kom, het hy sy slaaf daar agtergelaat. 4Hy self het egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan. Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: "Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie."

5Toe gaan hy lê en hy het daar onder die besembos aan die slaap geraak. Toe hy hom weer kom kry, skud 'n engel aan hom en sê: "Word wakker! Eet!"

6Toe hy opkyk, sien hy by sy kop roosterkoek wat op warm klippe gebak is, en 'n kruik water. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê. 7Die engel het 'n tweede keer aan hom geskud en gesê: "Word wakker! Eet! Anders sal die pad vir jou te lank word."

8Toe staan hy op en hy eet, en deur die krag van die kos kon hy veertig dae en veertig nagte lank loop tot by Horeb, die berg van God.

9Hy het in 'n grot ingegaan en die nag daar deurgebring. Toe het die woord van die Here tot hom gekom en vir hom gesê: "Wat maak jy hier, Elia?"

10Hy antwoord toe: "Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring."

11Maar die Here sê vir hom: "Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan."

Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie. 12Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte.

13Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak en by die bek van die grot gaan staan. Toe hoor hy 'n stem wat vir hom sê: "Wat maak jy hier, Elia?"

14Hy het geantwoord: "Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring."

15Maar die Here sê vir hom: "Draai in jou spore om na die Damaskuswoestyn toe, en as jy daar aangekom het, moet jy vir Gasael salf tot koning van Aram. 16Jy moet ook vir Jehu seun van Nimsi salf tot koning van Israel, en vir Elisa seun van Safat uit Abel-Megola moet jy salf tot profeet om jou op te volg. 17Dan sal dit só wees: wie Gasael se swaard vryspring, Jehu sal hom doodmaak; wie Jehu se swaard vryspring, Elisa sal hom doodmaak. 18Maar Ek sal in Israel die sewe duisend laat oorbly wat nie die Baälbeeld aanbid het nie."

19Nadat hy daarvandaan af weggegaan het, kry hy vir Elisa seun van Safat besig om te ploeg met twaalf spanne van twee, terwyl hy self by die agterste span geloop het. Toe Elia by hom verbyloop, gooi Elia sy mantel op hom. 20Hy het sy osse net so gelos en agter Elia aangehardloop en gesê: “Laat ek tog net my pa en ma gaan groet. Dan sal ek saam met u gaan.”

Elia antwoord hom toe: “Gaan as jy wil. Ek hou jou mos nie terug nie.”

21Toe draai Elisa om en gaan slag twee osse, en met die juk het hy die vleis gebraai en vir sy werksmense gegee om te eet. Daarna het hy saam met Elia gegaan en sy volgeling geword.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat jou oog vang.

2. Skryf ‘n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer (‘n verbeeldingsprentjie vorm).

________________________________

________________________________

________________________________

3. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

________________________________

________________________________

________________________________

4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________

5. Watter Bybelkarakter in vandag se verhaal, se voorbeeld sal jy graag wil nastreef of beslis glad nie wil navolg nie.

________________________________

________________________________


________________________________

6. Van wat se karaktereienskap van God word jy bewus in hierdie Skrifgedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________



## Dag 28 MATTEUS 26:1-35

### Jesus se dood word beplan

1Nadat Jesus oor al hierdie dinge klaar gepraat het, het Hy vir sy dissipels gesê: 2"Julle weet dat dit oor twee dae paasfees is. Dan word die Seun van die mens oorgelewer om gekruisig te word."

3In daardie tyd het die priesterhoofde en die familiehoofde van die volk bymekaargekom in die woning van Kajafas, die hoëpriester. 4Hulle het daar saam planne gemaak om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak. 5Hulle het egter gesê: "Nie op die fees nie, sodat daar nie oproer onder die volk kom nie."

### Jesus word in Betanië gesalf

6-7Terwyl Jesus in Betanië in die huis van Simon die melaatse aan tafel was, het 'n vrou by Jesus gekom met 'n albaste fles baie kosbare reukolie en dit op sy kop uitgegiet.

8Toe die dissipels dit sien, was hulle verontwaardig. "Waarom so 'n verkwisting?" vra hulle. 9"'n Mens kon die reukolie vir baie geld verkoop het en dit vir armes gegee het."

10Jesus het dit gemerk en vir hulle gesê: "Waarom maak julle dit vir die vrou moeilik? Sy het 'n goeie daad aan My gedoen. 11Die armes het julle altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie. 12Deur hierdie reukolie op my liggaam uit te giet, het sy My voorberei vir my begrafnis. 13Dit verseker Ek julle: Oral waar hierdie evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot 'n herinnering aan haar."

### Judas onderneem om Jesus te verraai

14Toe het een van die twaalf dissipels, die een wat Judas Iskariot genoem is, na die priesterhoofde toe gegaan 15en gesê: "Wat sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom?" Hulle het hom toe dertig silwermuntstukke betaal. 16Van toe af was hy op die uitkyk na 'n geskikte geleentheid om Jesus te verraai.

### Die paasmaaltyd word voorberei

17Op die eerste dag van die fees van die ongesuurde brood kom die dissipels na Jesus toe en vra: "Waar wil U hê moet ons gaan regmaak vir U om die paasmaaltyd te eet?"

18Jesus het geantwoord: "Gaan in die stad na so en so toe en sê vir hom: 'Ons Leermeester sê: My tyd is naby. In jou huis wil Ek saam met my dissipels die paasmaaltyd hou.' "

19Die dissipels het gemaak soos Jesus aan hulle opgedra het, en die paasmaaltyd voorberei.

### Jesus wys sy verraaier aan

20Toe dit aand geword het, het Jesus sy plek aan die tafel ingeneem saam met die twaalf. 21Terwyl hulle eet, sê Hy: "Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My verraai."

22Hulle was baie onthuts en een na die ander het Hom begin vra: "Dit is tog nie ek nie, Here?"

23Hy antwoord toe: "Die een wat saam met My sy brood in die skottel insteek, dit is hy wat My sal verraai. 24Die Seun van die mens gaan inderdaad sterwe soos daar oor Hom geskrywe staan; maar wee die man deur wie die Seun van die mens verraai word. Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie."

25Toe sê Judas, sy verraaier: "Is dit miskien ek, Rabbi?"

Jesus antwoord: "Dit is soos jy sê!"

### Die instelling van die nagmaal

26En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: "Neem, eet; dit is my liggaam."

27Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die
dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir
hulle en sê: "Drink almal daaruit, 28want dit
is my bloed, die bloed waardeur die
verbond beseël word en wat vir baie vergiet
word tot vergewing van sondes. 29Ek sê vir
julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie
wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek
saam met julle die nuwe wyn in die
koninkryk van my Vader sal drink."

30Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe.

### Petrus sal Jesus verloën

31Toe sê Jesus vir hulle: "Julle almal sal My vannag nog in die steek laat. Daar staan immers geskrywe:

" 'Ek sal die herder doodmaak,

en die skape van sy kudde sal uitmekaar gejaag word.'

32"Maar nadat Ek uit die dood opgewek is, sal Ek julle vooruitgaan na Galilea toe."

33Daarop het Petrus vir Hom gesê: "Al sal hulle U ook almal in die steek laat, ék sal U nooit in die steek laat nie."

34Toe sê Jesus vir hom: "Dit verseker Ek jou: Vannag nog, voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën."

35Petrus sê vir Hom: "Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie!"

Al die ander dissipels het ook so gesê.

1. Kleur 'n vers of twee in ('highlight') wat vir jou uitstaan. vanuit hierdie gedeelte in Matteus.

2. Kies 'n Bybelkarakter uit hierdie storie en skryf 'n optrede of karaktereienskap van hom/haar neer, wat jy bewonder of nastreef.

______________________________

______________________________

______________________________

3. As jy vir Jesus 'n vraag kon vra, wat sou dit wees?

______________________________

______________________________

______________________________

4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelverse?

______________________________

______________________________


______________________________

5. Skryf 'n waarheid oor God of Jesus neer wat jy in hierdie Skrifgedeelte raaklees.

______________________________

______________________________

______________________________



## **Dag 29** JOB 42

### Job: In sak en as

1Daarna het Job vir die Here gesê:

2"Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit.

3Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie.

4U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My.

5Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien,

6en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as."

### Die Here: Job sal vir julle bid

7Nadat Hy met Job gepraat het, het die Here vir Elifas die Temaniet gesê: "Ek is kwaad vir jou en jou twee vriende, want julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie. 8Vat sewe bulle en sewe ramme en gaan na my dienaar Job toe en offer dit as 'n brandoffer vir julleself. My dienaar Job sal vir julle bid, en Ek sal sy gebed verhoor en julle nie straf vir julle dwaasheid nie. Julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie."

### Job het 'n vol lewe gehad

9Elifas die Temaniet, Bildad die Suagiet en Sofar die Naämatiet het gedoen wat die Here gesê het, en die Here het Job se gebed verhoor. 10Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die Here die omstandighede van Job verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het. 11Al sy broers en susters en sy vriende wat hom vroeër geken het, het gekom en saam met hom in sy huis geëet. Hulle het hulle medelye kom betoon en hom getroos oor al die rampe wat die Here oor hom gebring het. Elkeen het vir hom 'n stuk silwer en 'n goue ring gegee. 12Die Here het die laaste deel van Job se lewe voorspoediger gemaak as die eerste: hy het veertien duisend stuks kleinvee, ses duisend kamele, twee duisend beeste en 'n duisend donkies gekry, 13en ook sewe seuns en drie dogters. 14Die oudste dogter het hy Jemima genoem, die tweede Kesia en die derde Keren-Puk. 15Nêrens in die land was daar vroue so mooi soos Job se dogters nie. Hulle pa het hulle saam met hulle broers laat erf. 16Job het nog honderd en veertig jaar gelewe. Hy het sy kinders en kindskinders tot in die vierde geslag gesien. 17Job het toe gesterf. Hy was oud en het 'n vol lewe gehad.

1. Omkring 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Verhelder die verse wat beskryf wat gebeur het nadat Job tot God gebid het.

3. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

__________________________________

__________________________________

__________________________________

4. Waarvan dink jy, wil God jou leer deur hierdie gedeelte van Job?

__________________________________

__________________________________

__________________________________

# Dag 30 **TITUS 2**

**Die gesonde leer**

1Maar jy moet verkondig wat in ooreenstemming is met die gesonde leer. 2Sê vir die ouer mans hulle moet nugter wees, eerbaar, verstandig, gesond en vas in geloof, liefde en volharding. 3Net so moet jy ook vir die ouer vroue sê hulle gedrag moet dié wees van mense wat 'n heilige lewe lei. Hulle moenie kwaadpraat of aan drank verslaaf wees nie. Hulle moet goeie raad kan gee, 4sodat hulle die jonger vrouens kan leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees, 5verstandig en kuis, goeie huisvrouens, onderdanig aan hulle mans. Dan sal die woord van God nie in diskrediet kom nie.

6Net so moet jy die jonger mans vermaan om hulle verstandig te gedra. 7In alles moet jy self vir hulle 'n voorbeeld stel van goeie werk, suiwerheid in die leer, waardigheid in gedrag, 8gesonde en onaanvegbare prediking. Dan sal elke teenstander in die verleentheid kom dat hy niks slegs van ons sal kan sê nie.

9Die slawe moet in alles aan hulle eienaars onderdanig wees en hulle tevrede stel. Hulle moenie teëpraat 10of iets vat nie; hulle moet bewys dat hulle in alles betroubaar is. So sal hulle in alles wat hulle doen, die aansien van die leer van God ons Verlosser verhoog.

11Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. 12Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe, 13terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn. 14Hy het Homself vir ons as offer gegee om ons van alle ongeregtigheid vry te maak en ons van sonde te reinig, sodat ons sy eie volk kan wees wat ywerig is om die goeie te doen.

15Dit is die dinge waaroor jy moet praat. Gebruik jou volle gesag om aan te moedig en tereg te wys. Gee aan niemand aanleiding om op jou neer te sien nie.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou mooi is.

2. Kleur die verse in (highlight’), wat waarhede oor God beskryf.

3. Hoe leer hierdie Skrifgedeelte jou om as kind van God te lewe?

______________________________

______________________________

______________________________

4. Noem ‘n paar optredes wat jy kan volg , wat ooreenstem met ‘n gesonde Christelike lewenswyse (leer).

______________________________

______________________________

______________________________



& Gees

Heuningsoet Woord

Psalm 19:10&11

# deur Carien Stander

**www.thedesertcall.com**

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God sal leer herken soos wat hulle deur die Woord lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op 'n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Laai Kreatiewe en Refleksie Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke gratis af by die Afrikaanse opsie: www.thedesertcall.com